die krag van die Heilige Alliansie was gebreek; en ook Europa gaan weer 'n rewolusietyd in.

### § 3. Die Rewolusie van 1830 in Frankryk.

Karel X van Frankryk, wat teen die wil van die meerderheid van sy volk met raadgewers soos Polignac wou regeer, het in Julie 1830 'n poging aangewend om aan die lastige opposiesie van die parlementêre meerderheid 'n end te maak. Dit was aan die een kant 'n wanhoopsmaatreël, want die eleksies van 1830 het hom juis weer getoon, hoe 'n oorweldigende meerderheid die liberale in die land het; maar aan die ander kant kon hy die tyd as gunstig vir hom beskou, omdat Polignac se regering in die buiteland 'n belangrike oorwinning behaal het. Die vors van Algiers het die Franse konsul daar openlik beledig; 'n Franse leër van 42,000 man is oorgestuur, en op 9 Julie 1830 het Algiers gekapituleer. Groot skatte is deur die Franse buitgemaak, en hulle kolonisasie van Noord-Afrika het begin. Voordat die nuus van hierdie oorwinning kon koud word, proklameer Karel op 26 Julie sy berugte Vyf Ordonnansies, wat die pers aan bande lê, die nuwe parlement ontbind, ofskoon dit nog nie eers vergader het nie, die kiesreg na sy sin wysig, die mag van die parlement inkort en die getal van die volksverteenwoordigers verminder. Die liberale onder die leiding van Thiers het onmiddellik heftig geprotesteer, en van 28 tot 30 Julie het bloedige straatgevegte in Parys plaasgevind. Die koninklike troepe is verslaan; en onder die beskerming van 'n nuwe nasionale garde, aan die hoof waarvan alweer Lafayette, oud soos hy was, gestaan het, het die middelstand die hef in die hand gehou, die sosialistiese skreeuers en die gepeupel bedwing en 'n konstitusionele, burgerlike koningskap in die plek van Karel X se verydelde absolutisme ingestel. Hyself het op 2 Augustus ten gunste van sy seun, die hertog van Bordeaux, afstand van sy troon gedaan, en na Engeland gevlug, maar die Franse het die Bourbons nie meer vertrou nie, en het die kroon aan Louis Philippe, die hertog van Orleans, oorgedra. Hy was die seun van Philippe Egalité, wat nieteenstaande al sy gemene pamperlang-streke tydens die groot omwenteling onder die valbyl gesterf het, maar hy het sy kaarte beter gespeel as sy vader. Hy het al lank gesien dat sy koninklike agterneef sy toekoms verbrou, en hy het hom klaargemaak om sy plek in te neem. Juis onder die middelklasse was hy baie populêr, omdat hy op 'n vriendskaplike manier met hulle omgegaan en as 'n gewone goeie burger



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geleef het. Toe die kriesis kom, het hy nog verder hulle vertroue gewen deur die driekleur, die rewolusionêre simbool waaraan Napoleon onsterflike roem geheg het, om sy hoed te bind. Voorlopig tot waarnemende regeringshoof uitgeroep, beloof hy in 'n proklamasie van 31 Julie om onder die driekleur en grondwettiglik die regering te lei. Op 3 Augustus vergader die konstitusionele volksverteenwoordigers, wat haastig byeengeroep was, en uit hulle hand aanvaar Louis Philippe op 9 Augustus as „Koning van die Franse'' die kroon. Sy koningskap het dus werklik op 'n verdrag tussen hom en die volk of, beter gesê, tussen hom en die *bourgeoisie,* berus.

## § 4. Die Belgiese Opstand.

Die „Julie-Rewolusie'' het dadelik na ander Europese lande oorgeslaan. In Suid-Nederland was die regering van koning Willem I, die herstelde prins van Oranje, van die begin af baie onpopulêr. Die Franssprekende deel van die bevolking en die Vlaminge was verenig in hulle verset daarteen. Die Frans-liberale party het vir die vryheid van die pers, die juriestelsel en ander liberale beginsels ingetree; die Katolieke party, wie se krag veral in die Vlaamse bevolking gelê het, vir kerklike beheer van die onderwys. Hulle het prinsipiëel eintlik teenoor mekaar gestaan, maar die algemene verbittering teen die Hollanders was so skerp, dat toenadering tussen die twee partye moontlik was, en 'n „infame verbond,'' soos Willem I dit in 'n troonrede genoem het, tussen die Suid-Nederlandse „Radikale'' en „Papiste'' het tot stand gekom. Daar was op slot van sake ook werklik 'n baie diep kloof selfs tussen die Vlaminge en hulle Noord-Nederlandse taalbroers. Verskillend van godsdiens en geaardheid, kon hulle wel met mekaar woorde wissel, maar gewoonlik onvriendelike woorde, want Katolieke en Protestante sit nie maklik langs één vuur nie, en veral nie wanneer, soos in hierdie geval, die Katolieke Vlaming, in teenstelling met sy koelbloediger noordelike rasgenoot, prikkelbaar en onstuimig van geaardheid is. Dat die Hollandse beamptes, wat na 1815 baie volop in België geword het, daar as vreemdelinge en uitbuiters beskou is, kan maklik begryp word.

Toe die berig van die Paryse gebeurtenisse in Brussel, die hoofstad van Suid-Nederland, bekend word, het die smeulende ontevredenheid gou tot opstand oorgegaan, en in Augustus 1830 was die Belgiese rewolusie in volle gang. „Radikale'' en „Papiste'' het saamgeveg, en Brussel was weldra in hulle hande. Die Hollandse bevelvoerder, generaal Chassé, probeer tever-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geefs om die hoofstad weer te onderwerp, en hy moes met sy leër op Antwerpe terugval. Ook hier het bloedige straatgevegte plaasgevind, en Chassé het die haat van die bevolking teen alles wat Hollands was, gloeiend gemaak deur die ongelukkige stad uit die fort vir 'n halwe dag lank met drie honderd kanonne te bombardeer. Kort daarna vergader 'n Nasionale Kongres, wat die Belgiese onafhanklikheid verklaar, die Oranjehuis van die troon uitsluit en hom ten gunste van 'n konstitusionele monargie uitspreek. Op hierdie basis is dan ook deur die inmenging van Engeland en Frankryk die vrede herstel, en op die konferensie van Londen het die nuwe koninkryk van België internasionale erkenning verkry, en kort daarna ook 'n vors in die persoon van prins Leopold van Saksen-Koburg.

### § 5. Opstand in Pole en Italië.

Pole was in die Middeleeue 'n groot staat gewees, maar met verloop van die tyd het Rusland, Pruise en Oostenryk deur verowering en anneksasie 'n end aan sy onafhanklikheid gemaak. Die leeu-aandeel van die Poolse gebied met die ou hoofstad, Warskou, is deur die Russe gebuit. In November 1830 waag die Russiese Pole 'n nasionale opstand. Lank en dapper het hulle teen 'n groot Russiese oormag onder generaal Paskiewietsj geveg en in die begin veel sukses behaal, sodat hulle 'n eie regering in Warskou kon inrig, maar deur onenigheid en hulle eie onvermoë om hulself behoorlik te regeer verswak, moes hulle uiteindelik weer die knie buig. Al die reste van hulle ou konstitusionele voorregte is weggeneem, en in 1832 het Pole 'n gewone Russiese provinsie geword, onder die diktatoriale beheer van Paskiewietsj, wat deur Nikolaas I tot goewerneur benoem is en met 'n ysterhand regeer het. Dis somtyds makliker om die vryheid te verwerf as om dit te leer gebruik, en vir die Pole was daar g'n *Monroe Doctrine* om hulle leertyd te oorwaak nie.

Ook in Italië is 'n nasionale vryheidsbeweging, wat na die Julie-Rewolusie opstande in die provinsies van die Oostenrykse keiser en in die gebied van die Pous veroorsaak het, met geweld neergeslaan. Metternich het vinnig en sterk opgetree, en die sleg-georganiseerde Italiaanse patriotte was nie teen die militêre mag van Oostenryk bestand nie. In die geheim het die sameweringe teen die gehate „binnelandse tiranne'' egter nog voortgeduur. Die *Carbonari* (koolbranders), 'n geheime genootskap wat in die tyd van Napoleon gestig is en die vereniging van Italië onder 'n liberale staatsvorm tot doel had, het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hulle bedrywigheid voortgesit, terwyl Mazzini, 'n Noord-Italiaanse joernalis, wat deur sy vurige propaganda vir die republikeinse ideaal 'n hartstogtelike aanhang veral onder die Italiaanse jeug gekry het en grotendeels vir die verongelukte opstande in Noord-Italië verantwoordelik was, sy agitasie onverminderd aan die gang gehou het, ook nadat hy in 1831 verban was. Uit Frankryk, Switserland en Engeland, waar hy as banneling 'n moeilike lewe gelei het, het hy deur geskrifte die vuur in sy vaderland bly aanstook. As gevolg van sy agitatoriese buitensporigheid het hy langsamerhand invloed verloor, maar „Jong Italië,'' 'n vereniging deur hom gestig, het 'n baie belangrike faktor in die nasionale vryheidsbeweging gebly.

## § 6. Roering in die Duitse State.

Die beroemde artiekel XIII van die konstitusie, wat in 1815 in Wene vir die federasie van Duitse state, die Duitse Bond, opgestel is, het die belofte bevat dat volksverteenwoordigende grondwette in die state ingevoer sou word. Keiser Frans I van Oostenryk het nooit die bedoeling gehad om tot die uitvoering van hierdie belofte iets by te dra nie. Hy het dikwels gesê: „Die hele wêreld is gek en wil nuwe konstitusies hê,'' en Metternich was dit natuurlik roerend eens met sy keiserlike heer dat die gekheid van die mensdom nie bevredig moes word nie. In die reaksietyd het die ander Duitse vorste oor die algemeen hulle ook nie in die rigting van meer konstitusionele vryheid beweeg nie. Verouderde liggame, landdae genoem, waarin egter alleen bevoorregte klasse verteenwoordig is, en wat gewoonlik nie oor baie mag beskik het nie, kom wel voor, maar dit was ook so ongeveer alles. Die vorste het met hulle beamptes regeer, in sommige state, Pruise b.v., baie goed regeer, maar die Duitse burgerstand, 'n groot, deeglike en ontwikkelde klas, wat in die ekonomiese lewe veel beteken en aan die Duitse universiteite hulle beste leerkragte gegee het, verkeer nog, veral in Noord-Duitsland, in 'n posiesie van politieke onmondigheid. In hierdie posiesie het hulle teen die begin van 1830, as gevolg van die Metternich-politiek, met onwil berus, maar die liberale neigings onder hulle was nie doodgesmoor nie, en veral die nasionale idee, die idee van één groot, vry en magtige Duitse staat, het in baie hoofde en harte gebrand. Die „Julie-Rewolusie'' het hierdie liberale en nasionale aspirasies aangewakker, maar sy uitwerking was nie onmiddellik baie sterk nie. Hier en daar het 'n opstand plaasgevind; hier en daar is konstitusionele verbeterings ingevoer; maar in baie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dele, Pruise b.v., was daar nie veel van die nuwe rewolusiegees te bespeur nie.

In Baden was die hoopvolste tekens sigbaar. Die vors van hierdie mooi en welvarende Rynstaat, groothertog Leopold, was baie liberaal-gesind, en in sy land, soos trouens ook in ander Suid-Duitse state, soos b.v. Beiere, was die landdag 'n werklik verteenwoordigende instelling met uitgebreide magte. Teen die wil van die bondsraad, d.w.s. die orgaan van die Duitse bond, ook in 1815 geskep, wat uit verteenwoordigers van die 39 Duitse state bestaan het, en waarin Oostenryk en Pruise oppermagtig en Metternich se woord deurslaggewend was, het die Badense landdag die pers in sy gebied vry verklaar en in 1831 'n voorstel aangeneem ten gunste van 'n algemene Duitse parlement om die plek van die bondsraad in te neem. Hierdie voorstel het taamlik opspraak in Duitsland veroorsaak, en Metternich, wat oor die tekens van die tyd ongerus was, het die bondsraad beweeg om by die regerings van die state veral op 'n beter kontrole van die pers aan te dring, en selfs Baden moes sy persvryheid weer inkort. 'n Groot protesvergadering, die sogenaamde konstitusiefees van Hambach, waaraan liberale nasionaliteite uit alle dele van Suid-Duitsland deelgeneem het, het as gevolg in 1832 plaasgevind, en vurige toesprake teen „die tirannie van die vorste'' ens., is daar afgesteek. In 1833 volg 'n mislukte poging van 'n aantal jong heethoofde, veral studente, om Frankfurt, die hoofstad van die Duitse bond, in besit te neem en vandaar uit 'n groot rewolusie te begin.

Metternich was net in sy skik. Nou kon hy met des te meer krag deur middel van die bondsraad die regerings daartoe beweeg om die „gevaarlike radikale'' te onderdruk, en in 1833 is 'n Sentrale Ondersoekingskommissie in Frankfurt ingerig, wat deur spioene ens. werk daarvan gemaak het om hulle op te spoor en aan die gereg oor te lewer. In drie jaar se tyd is 1,800 mense op die manier gearresteer, en in Pruise alleen is 200 studente gestraf. Ook strawwer perswette het gevolg; en so onveilig het dit vir die liberale in Duitsland geword, dat baie van hulle na Switserland gevlug het. Hier het hulle in 'n vereniging, *Jong Europa,* 'n stigting van Mazzini, met Poolse, Franse, Italiaanse en ander geestesgenote teen die dwinglandy geywer, maar Metternich was sterk genoeg om die uitsetting van die gevlugte vryheidsvriende uit Switserland van die Switserse regering af te pers, en Mazzini en sy vriende moes in Frankryk en Engeland gaan skuiling soek.

In die lande, onder Metternich se invloed, het die reaksie dus weer hoogty gevier, en dit sou nog erger toegaan. In 1837



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sterf koning Willem IV van Engeland. Nes al sy voorgangers van Georg I af, was hy ook vors van die Duitse staat, Hannover, gewees, maar nou moes daar 'n skeiding kom. Volgens die Engelse wet kon 'n vrou op die troon sit, en Victoria, die dogter van 'n oorlede broer van Willem IV, wat net na hom in ouderdom gekom het, het koningin van Engeland geword; maar in Hannover was die vroulike opvolging nie toegelaat nie, en die hertog van Cumberland, 'n jonger broer van Willem IV het daar die kroon gekry. Hy was onduldsaam konserwatief en laat by sy troonbestyging bekendmaak dat hy die gematig-liberale grondwet wat sy voorganger in 1833 in Hannover ingevoer het, kanselleer, en dat die verouderde landdag van vroeër weer in die lewe geroep word. Die beamptes moes 'n nuwe eed van getrouheid onder die nuwe reëling aflê en hulle dus verbind om „die woordbreuk van die kroon'' te ondersteun. Sewe professore van die universiteit van Göttingen het geweier om hulle beginsels so te verkrag, en ofskoon daar wêreldberoemde manne soos die twee Grimm broers, Gervinus en Dahlmann onder hulle was, is hulle deur die koning uit hulle amp ontslaan, en moes die drie selfs Hannover verlaat. 'n Gevoel van verontwaardiging het wyd en syd deur die Duitse volksklasse gesidder, maar die reaksionêre vorste, elkeen in sy eie staat of staatjie, is nie van hulle koers afgebring nie. Vir 'n oomblik het dit wel gelyk asof selfs hulle deur 'n geweldige opbruising van nasionale sentiment, die gevolg van oorlogsgevaar, na nuwe moontlikhede sou meegesleep word. Daar het nl. wrywing met die Franse regering onder Thiers in 1840 ontstaan, en die Duitsers het gevrees dat hulle weer teen die ou erfvyand gesamentlik die stryd moes aanbind; die ou liedere van die vryheidsoorlog is weer aangehef, en 'n nuwe lied, *Die Wacht am Rhein,* het vir die eerste keer opgegaan; maar die oorlogswolke het verbygerol, en vrede en stilstand het teruggekeer.

'n Troonwisseling in Pruise het hieraan niks verander nie. Frederich Wilhelm III is in 1840 deur Frederich Wilhelm IV opgevolg, en daar was by sommige hoop dat hy die grootste eg-Duitse staat in nuwe konstitusionele bane sou lei. Hy is wel daartoe beweeg om in 1847 die landdae van sy ag provinsies, wat altyd apart gehou was, tot 'n gesamentlike landdag byeen te roep; en selfs in hierdie liggaam, wat op die ou grondslag van bevoorregte klasse saamgestel was, het 'n sterk geroep om konstitusionele hervorming, die juriestelsel, openbare hofsittings, vryheid vir die pers ens., opgegaan; maar die koning se standpunt, in sy openingsrede uitgedruk, was as volg: „Geen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mag op aarde sal daarin slaag om die natuurlike verhouding tussen my en my volk in 'n konstitusionele te verander nie; ek sal nooit toelaat dat daar tussen God en hierdie land 'n beskrewe blad ingeskuif word nie.'' Van Frederich Wilhelm IV, wat sy vorstelike regeringsmag van God, en nie van sy volk nie, ontvang het (dit was sy opvatting), was dus weinig vooruitgang te verwag.

Hopeloos donker was die vooruitsigte op verbetering in 1847 egter nie in Duitsland nie. 'n Baie sterk gevoel van ontevredenheid met die bestaande toestande en 'n oortuiging dat dit so nie meer lank sou voortduur nie, kon orals aangetref word. Metternich se val was ook werklik naby, en die eerste stoot sou weer van Frankryk uitgaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK II.

# DIE GROOT REWOLUSIEJAAR, 1848, EN SY NASLEEP.

### § 1. Die Rewolusie van 1848 in Frankryk.

Louis Philippe was veronderstel 'n konstitusionele vors te wees, maar 'n konstitusionele vors mag hom nie, as hy wil vasstaan, met één politieke party vereenselwig nie, en dit was die ongeluk van die „koning van die Franse,'' dat hy deur die liberale middelstand op die troon gesit en as die besondere beskermer van hulle belange beskou is. Die ander politieke partye wat weldra opgekom het, was dus nie alleen teen die liberale nie, maar eindelik ook teen hom gekant. Daar was die legitimiste of aanhangers van die verjaagde dinastie; die republikeine, wat geen koning wou hê nie; die sosialiste, wat die hele burgerlike samelewing omver wou gooi en in hierdie tyd onder Fourier, Proudhon en Louis Blanc baie bedrywig begin word het, en eindelik ook die Bonapartiste, wat van 'n terugkeer na die Napoleontiese glorietyd gedroom het en hulle oë op Lodewyk Napoleon, 'n seun van die eerste koning van Holland, begin rig het.

Baie ernstig het die heersende party intussen die moontlikheid van 'n Bonapartiese troonkandidatuur nie opgevat nie, en die jeugdige Lodewyk Napoleon het ook waarlik niemand ontsag ingeboesem nie. Dit het gelyk asof hy niks meers as 'n wilde en onverantwoordelike awenturier was nie. In 1836 het hy met 'n klein klompie maats in Straatsburg 'n poging begin om die Julie-monargie omver te gooi. Sonder veel moeite is die handjievol waaghalse gearresteer, en Lodewyk Napoleon is eenvoudig deur die Franse regering na Amerika gestuur om daar meer praktiese nugterheid op te doen. Dit het hom skynbaar nie geluk nie, want in 1840 het hy uit Engeland weer probeer om vir Louis Philippe van die troon te stoot. Hy land in Boulogne, maar die „grande armée'' wat sy beroemde oom eenkeer hier versamel het, was nie meer te vind nie, en terwyl hy self versuim het om 'n leër saam te bring, is hy weer gearresteer. Die Franse regering het die keer sy verdere opvoeding nie aan 'n ander land toevertrou nie, maar self die taak onderneem deur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hom in die kasteel van Ham onder arres te hou. In 1846 het hy daaruit ontvlug om kort daarna, so nie 'n twede Napoleon nie, dan tog die twede keiser van die naam te word, wat op die troon van Frankryk gesit het. In 1840 was die Napoleontiese gevaar egter nog so klein, dat die Julie-monargie hom die grootmoedigheid kon bekostig om die stoflike oorskot van die oorlede keiser van Sint-Helena na Parys te bring en daar in 'n praalgraf te lê.

Die republikeine en sosialiste was intussen vyande met wie meer rekening moes gehou word; en vir Louis Philippe was dit onheilspellend dat hy nie meer so goed met die linkervleuel van die liberale oor die weg gekom het nie. Hy self het 'n neiging om meer seggingskap in die regeringsake te hê, aan die dag begin lê, en met 'n minister soos die hertog De Broglie, wat meer konserwatief as liberaal was, kon hy goed opskiet, maar met 'n man soos Thiers, aan wie die gevleuelde woord: „Die koning heers maar regeer nie,'' toegeskryf word, en wat die konstitusionele posiesie van die koning werklik so wou uitlê, kon hy somtyds minder goed saamwerk. Louis Philippe het veral die buitelandse politiek as sy besondere werkkring betrag, en dit was juis sy werksaamhede op hierdie gebied wat sy troon aan die wankel laat raak het. Die voortgaande verowering van die Algierse gebied het nie opgeweeg teen 'n diplomatiese neerlaag in Turkye, wat Frankryk in 1840 gely het, en waarvoor die koning grotendeels verantwoordelik gehou is nie.

Omstreeks 1830 het Mehemet Ali teen sy opperheer, die sultan, 'n oorlog begin, en dit het gelyk asof die onderkoning van Egipte die Turkse ryk omver sou werp, want na 'n paar jaar was die leërs van die sultan uit Sierië teruggeslaan en was selfs 'n groot deel van Klein-Asië deur Mehemet Ali in besit geneem. Rusland, Engeland, Oostenryk en Pruise het in 1840 ooreengekom, dat hulle, om die vrede van Europa te bewaar, die sultan van Konstantinopel van ondergang moes red, maar Louis Philippe, in hierdie geval in hartlike samewerking met Thiers, wou Mehemet Ali te vriend hou. Hy het gemeen dat die Egiptiese gesagvoerder sy voordelige posiesie sou behou, en dat Frankryk as sy bondgenoot in die Nylland, wat strategies en ekonomies so belangrik was, en in Sierië met sy ryk *hinterland*, Mesopotamië, oorweënde invloed sou kry.

Dinge het egter nie so ontwikkel, soos hy verwag het nie. Mehemet Ali, wat van Frankryk tog geen hulp van betekenis gekry het nie, en wie se kuste aan die Engelse vloot blootgestel was, het voor die groot Europese magkonstellasie teruggedeins en uiteindelik met die sultan 'n vrede gesluit, waarvolgens hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sy verowerings moes prysgee, en hy en sy erflike opvolgers alleen oor Egipte, wat 'n vasalstaat van die grootvors van Konstantinopel sou bly, met onderkoninklike gesag sou heers. Hierdie uitloop was 'n groot vernedering vir die Franse en onder hulle het 'n wraakgeroep opgegaan — teen Duitsland, want Pruise en Oostenryk het mos ook meegewerk om die stok in die Franse diplomatiese wiel te steek. Thiers wou toe die eer van sy land red deur 'n poging aan te wend om die wesgrens van Frankryk weer na die Ryn toe uit te brei. Soos ons weet is „Die Wacht am Rhein'' toe in Duitsland aangehef, en was die hele Duitse volk klaar om die oorlogshandskoen op te tel. Louis Philippe wou egter g'n Europese oorlog hê nie, en hy het Thiers se ontslag as minister aangeneem en die vrede bewaar. Daar was seker baie Franse wat hom hiervoor dankbaar was, maar selfs hulle kon hom moeilik dit vergewe dat hy saamgewerk het om die prestige van Frankryk te verlaag.

Buitelandse aangeleenthede het, soos gesê, Louis Philippe se troon onseker gemaak, maar binnelandse moeilikhede het ook hulle deel tot sy val bygedra. Juis in hierdie tyd het Frankryk die nadelige gevolge van sy eie industriële omwenteling, wat later as die Engelse gekom het, baie sterk begin voel. Stoommasjiene en die fabriekstelsel het die Franse industrie laat opbloei en die *bourgeoisie* ryk en magtig gemaak, maar daar was ook oorproduksie en werkloosheid, en die arbeidsklasse, die nuwe vierde stand, het in hulle ellende graag na sosialistiese agitatore geluister wat 'n wêreld, waarin daar geen armoede sou wees nie, vir hulle voorgetower het. Reeds in 1834 het die burgerlike meerderheid in die twee wetgewende kamers 'n wet aangeneem wat alle verenigings onder die kontrole van die regering gestel het. 'n Opstand in Lyon, die groot sentrum van die Franse syindustrie, was die onmiddellike gevolg. Dis met geweld neergeslaan, maar die oproerstokers het in die geheim voortgewerk, en baie pogings is gemaak om die burgerkoning te vermoor. Baie skokkend was die attentaat van Julie 1835, toe 'n bom na hom op straat gegooi is, en 21 mense om die lewe gebring het. De Broglie het van hierdie misdaad gebruik gemaak om die sogenaamde September-wette, wat die pers aan bande gelê het, deur die wetgewende kamers te druk, maar die posiesie van Louis Philippe is nie daardeur versterk nie. Ook op die platteland was daar ellende en ontevredenheid. In die eerste groot omwenteling het die boere vry grondbesitters geword, en die plase is daarna by erflatings makliker opgesny. As gevolg hiervan was daar nou baie plasies wat te klein was om 'n behoorlike bestaan op te maak; en om die kroon op alles



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te sit, het misoeste in 1846 die landbou baie swaar getref.

In 1847 was die mag van die heersende party gevaarlik ondermyn. Guizot, die opvolger van Thiers, het teenoor Duitsland 'n versigtige vredespolitiek gevolg en Metternich toegelaat om in Switserland en Italië die baas te speel, en is heftig deur sy voorganger daaroor aangeval. Die eintlike ondersteuners van die Julie-monargie was dus onderling verdeel, en die oortuiging dat daar aan die opperheerskappy van die *bourgeoisie* 'n end moes kom, het geweldig toegeneem. Hulle het Frankryk se prestige voor die oog van die wêreld verlaag; hulle het Metternich 'n vry hand gelaat om in naburige lande die invloed van Oostenryk uit te brei en die vryheid te verstik; in Frankryk het hulle nie in staat geblyk om die stedelike en landelike sosiale wantoestande te verbeter nie, maar wel om die vryheid in te kort. Dus — daar moes hervorming in die kieswette kom, sodat nuwe heersers kon regmaak wat hulle verbrou en versuim het.

„Reforme'' was die verlossingswoord, en orals in die land het sogenaamde „reform-bankette'' plaasgevind, waarby toesprake ten gunste van kieswethervorming afgesteek en geesdriftig toegejuig is. Die gevleuelde woord pak die massas, en in Parys trek duisende arbeiders, studente en agterbuurtgepeupel deur die strate en skree: „*Reforme!* Weg met Guizot!'' Dit was op 23 Februarie 1848. Louis Philippe, deur skrik bevang, ontslaan nog dieselfde dag vir Guizot en beloof hervorming. maar die radikale wou dit nie hierby laat nie, en 'n bloedige botsing in die aand tussen soldate en arbeiders gee hulle die geleentheid om die massa's nog meer op te sweep. Die volgende oggend was Parys 'n slagveld. Die strate was almal deur barrikades afgesluit, en die opstandelinge druk die soldate en nasionale garde, wat vir 'n groot deel met hulle gesimpatiseer het, terug. Die koning beroep hom op Thiers en ander leiers van die parlementêre opposiesie, maar hulle kon die massas nie bedwing nie. Louis Philippe doen afstand van die kroon ten gunste van sy seun en vlug Engeland-toe. Die wetgewende kamer stel 'n voorlopige regering aan, maar die sosialiste, wat Parys in besit het, benoem hulle eie regering en roep 'n republiek uit. Die kamer-ministers moes met hulle onderhandel en sosialiste soos Louis Blanc as staatsekretarisse opneem, en die nuwe gesamentlike regering verklaar hom eindelik ook vir 'n republiek. Intussen verniel die arbeiders in die fabrieke die masjiene, die oorsaak, soos hulle gemeen het, van hulle ellende; die Tuilerieë word gestorm, en die gepeupel verbrand meubels en kunsskatte, drae die koninklike troon na die plek waar die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Bastille gestaan het en slaan dit daar stukkend. Dit was 'n simboliese daad; die Julie-monargie was vernietig, en dit was die vierde stand wat die vernietigingswerk gedaan het. Dit was hulle rewolusie.

Voorlopig sit die sosialistiese elemente in die regering: dan ook hulle wil deur. Louis Blanc rig sy nasionale werkplekke op; die arbeider se „reg op werk'' word erken, en as hy nie werk kan kry nie, betaal die staat hom twee francs per dag. Dit het alles egter baie geld gekos, en toe 'n nuut-gekose nasionale vergadering in Mei bymekaar kom, was dit gou duidelik dat die meerderheid, ofskoon republikeins, nie sosialisties was nie. Die gematigde demokrate kry die bewind in hande, bedwing 'n twede rewolusionêre poging van Louis Blanc en sy aanhangers, sluit die nasionale werkplekke, en staak die daggeld van die werkloses. In Junie verrys weer barrikades in die strate van Parys, maar generaal Cavaignac, wat deur die nasionale vergadering volmag gekry het, verslaan die sosialiste in bloedige straatgevegte wat vier dae duur en duisende lewens kos. Op 27 Junie was die rewolusie oor, en Cavaignac word weer tot diktator aangestel, totdat die republiek 'n konstitusie en 'n konstitusionele regering sou hê.

## § 2. Die Opkoms van Lodewyk Napoleon.

Die vierde stand was verslaan, maar tevergeefs was hulle stryd nie gewees nie, en die grondwet wat weldra opgestel is, was uiters demokraties. Daar sou één wetgewende kamer wees, en die algemene kiesreg sou by die keuse van die lede in werking tree; ook die president van die republiek sou só direk deur die volk gekies word, met 'n ampstyd van vier jaar. Wie sou president word? Die kandidaat van die Bonapartiste, Lodewyk Napoleon, was nie meer 'n onverstandige heethoof nie. Hy het sy kaarte goed gespeel. Verskillende kiesafdelings gee hom groot meerderhede as kamerlid. Hy bedank in 'n brief, wat goed publiek gemaak is, vir die eer „om geen aanleiding tot onluste te gee nie,'' maar hy voeg daaraan toe, „as die volk pligte op my skouers sit, sal ek onderneem om hulle te dra.''

Die oortuiging dat Frankryk „'n man'' nodig het, en die man daar was, win veld, en die geroep van „Lewe Napoleon'' en selfs „Lewe die Keiser'' word gehoor; maar selfs die rooskleurigste verwagtings van sy ondersteuners is ver oortref, toe Lodewyk Napoleon in Desember 1848 met 5½ miljoen stemme uit 7½ miljoen tot president gekies word. Hy gaan voort met sy goeie kaartspel. Die nuwe wetgewende kamer was bang vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die uitgebreide politieke mag wat die vierde stand gekry het en beperk in 1850 weer die kiesreg. Ook die vryheid van die pers is ingekort, en die onderwys is onder kerklike kontrole gestel om die gevaar van sosialistiese propaganda teen te werk. Ook Thiers, wat nou 'n woordvoerder van die republikeinse liberalisme en teen katolieke reaksie was, het hierdie laaste maatreël gesteun. „Sosialisme of Kategisme,'' het hy gesê, „daar is geen derde keuse nie.''

Lodewyk Napoleon gaan intussen in Frankryk rond as president, en insinueer dat die wetgewende kamer hom nie toelaat om sy goeie bedoelings met sy volk uit te voer nie. Om te toon hoe goed die bedoelings was, stuur hy in November 1851 'n boodskap aan die kamer, waarin hy op die terugkeer tot die algemene kiesreg aandring. Die kamer weier om die kieswet van 1850 te herroep, en Lodewyk Napoleon, die volksman, kon, om hoër te styg, 'n staatsgreep waag.

Alles was goed voorberei. Bonapartistiese generaals sou in die hoofstad alles reg hou, en Bonapartistiese beamptes, deur die president orals ingeskuif, in die buitedistrikte. In die nag van 1 Desember 1851 is sestig van die republikeinse leiers, daaronder Cavaignac, Thiers en Victor Hugo, gearresteer, en die volgende oggend was oor die hele stad 'n presidensiële proklamasie aangeplak. Die inhoud was: die kamer is opgelos; die algemene kiesreg is herstel; die volk sal verder gevra word om sy wil te kenne te gee. 'n Poging van die oorblywende kamerlede om te vergader is deur militêre maatreëls verydel; 'n paar klein straatgeveggies het plaasgevind, maar die Bonapartistiese offisiere het maklik die orde in die stad gehandhaaf; ook in die provinsies was feitlik geen rusverstorings nie. Die staatsgreep was 'n volslae sukses!

Kort hierop maak Lodewyk Napoleon bekend hoe die nuwe konstitusie wat hy voorstel, ingerig is: 'n president, vir tien jaar deur die volk gekies en aan die volk verantwoordelik, kry meer as koninklike volmag; 'n kamer van volksverteenwoordigers, volgens die beginsel van die algemene stemreg gekies, sal met 'n senaat, deur die president benoem, wetgewende bevoegdheid hê, maar geen wetgewende inisiatief nie. Die president sou dus, anders as die burger-koning, nie alleen heers nie, maar ook regeer. Sou die Franse volk hiermee akkoord gaan? Die antwoord van die kiesers was: 7½ miljoen ten gunste van die nuwe grondwet en 650,000 daarteen. Op sy reise deur die land is die diktator stormagtig toegejuig, en 'n hoër waardigheid is hom toegewens en toegeroep. 'n Napoleontiese keiserryk sal vrede en roem vir Frankryk beteken! Dit was nou die alge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mene opvatting; en Lodewyk Napoleon, met sy oog op die besorgde Europa gerig, het gerusstellend geantwoord: „Die keiserryk is die vrede.'' 'n Twede volkstemming vind plaas, en in November 1852 verklaar 7,800,000 kiesers teen 250,000 dat Napoleon III keiser van Frankryk is.

'n Outokratiese keiserskap — dit was dan in Frankryk die endresultaat van die vryheidsbeweging wat in 1830 sy eerste oorwinning weer behaal het. En tog was dit nie in alle opsigte 'n terugkeer tot die outokrasie van die Bourbons nie. Die keiser, deur die algemene volkstemming op die troon gesit, was ook op slot van sake aan die arbeider verantwoordiging skuldig. Die vierde stand het vir hom 'n plek in die konstitusionele lewe van Frankryk verower.

## § 3. Die Gees van 1848 in Duitsland en Oostenryk.

In die meeste Europese state het die Franse rewolusie van 1848 die liberale elemente tot nuwe bedrywigheid aangevuur, opstande en selfs rewolusies veroorsaak en oor die algemeen die saak van die konstitusionele vryheid bevorder. Ons kan ons hier egter alleen by Duitsland, Oostenryk en Italië bepaal, en ons sal sien dat in al hierdie lande liberalisme en nasionalisme saamgegaan het.

Kort voor die begin van die Februarie-rewolusie in Parys het 'n besluit van die Badense volksraad die Duitse nasionale vraagstuk weer sterk op die voorgrond gebring. Die strekking van die voorstel was om die bondsdag (dit was die groter liggaam, wat uit verteenwoordigers van die Duitse state bestaan het, en die kleiner en meer blywende kern waarvan die bondsraad was) in 'n groot Duitse parlement te verander. Die idee het veel byval gevind. Die oortuiging het trouens al lank bestaan dat die bondsdag (en bondsraad) aan die een kant te min mag besit, aangesien die aparte state hulle sowereine magte nie prysgegee het nie, en aan die ander kant nie die Duitse volks as sulks nie, maar alleen die regerings van die state verteenwoordig. Die eerste uitwerking van die Franse Februarie-omwenteling in Duitsland was om die liberale en nasionale aspirasies daar geweldig aan te wakker, maar juis omdat die Duitse state aparte soewereine magte was, kan ons hierdie groot algemene beweging nie volg nie sonder om eers enigsins na te gaan wat in verskillende lande, waar Duitse vorste geheers het, gebeur het. Onder voortdurende beïnvloeding van gebeurtenisse wat daar plaasgevind het, het die eerste groot poging om Duitsland op liberale grondslag tot 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

eenheidstaat saam te smee, sy verloop gehad.

In Maart 1848 bars 'n opstand, veral deur studente op tou gesit, in Wene uit. Om nou die magteloosheid wat keiser Ferdinand I hierby aan die dag gelê het, te begryp, moet ons sy posiesie as vors beter begryp. Afgesien van sy Italiaanse provinsies het sy gebied uit drie groot streke en die bevolking daarvan uit drie oorweënde rasse bestaan. Daar was Oostenryk, waar Duitser in die meerderheid is, en die rykshoofstad, Wene, lê hier in al sy eeu-oue heerlikheid op die pragtige Donourivier; dan het ons Boheme, die land van die Tsjegge, met hulle mooi hoofstad, Praag; en eindelik het ons nog Hongarye, waar die Magjare woon, met Boeda-Pest as sentrum. Op die oomblik hoef ons nie in meer besonderhede te gaan nie, maar ons moet net gewaarsku word, dat daar ook ander nasionaliteite in die nie-Italiaanse domeine van keiser Ferdinand woonagtig was, b.v. Pole in die noorde, Roemene na die ooste toe en Suid-Slawe tussen die onderloop van die Donou en die Adriatiese See, en dat die rasse territoriaal nie skerp van mekaar geskei was nie. Op die puinhope van ou nasionale koninkryke (Pole, Boheme, Hongarye) en ander verowerings het Oostenryk 'n groot Europese moondheid geword, maar in 'n tyd van nasionale ontwaking moes sy innerlike swakheid aan die dag tree, en in 1848 het dit gebeur.

Keiser Ferdinand sit lamgeslaan in sy hoofstad, want die soldate weier om op die studente te skiet; en van verskillende kante kom onheilspellende berigte — uit Italië waar die rewolusiegees heftig opvlam, uit Praag en Boeda-Pest waar, so nie op onafhanklikheid nie, dan tog op nasionale selfstandigheid aangedring word. Ferdinand sien geen ander raad as om toeskietlik te wees nie, en hy belowe aan sy Oostenrykse onderdane so 'n mate van konstitusionele vryheid en gee veral aan Hongarye soveel selfbestuur, dat die rewolusiegevaar voorlopig verbygaan. Metternich het hierby sy keiserlike heer gehelp — deur van die toneel te verdwyn. Reeds op 13 Maart 1848 het hy sy ontslag geneem en na Engeland vir veiligheid gegaan. Onder die nuwe bedeling het die onrus egter slegs vir 'n tydjie bedaar, en 'n veel groter opstand het weldra gevolg. Die Magjaarse patriotte onder die leiding van Lodewyk Kossuth maak gaandeweg van Hongarye feitlik 'n onafhanklike staat, en in hulle ywer om 'n suiwer Magjaarse nasionale kleur daaraan te gee, kom hulle in botse met die Slawiese elemente daarin onder *hulle* groot leier, Jellagig. Ook die Tsjegge word ongeduldig, omdat hulle nie genoeg seggingskap in hulle eie land gekry het nie, en in Junie 1848 was Praag in opstand.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Intussen staan die Oostenrykse provinsies in Italië in ligtelaaie; en in Oktober, toe Ferdinand 'n leër uit sy hoofstad wou stuur om die Magjaarse onafhanklikheidsdrang te gaan beteuel, gryp die Wenense vryheidsvriende weer na die wapens om te verhinder dat die vry Magjaarse volk onderdruk word. Die keiserlike residensiestad was gou weer in hulle hande, en Ferdinand het met sy hof na Olmütz gegaan. Alleen beslistheid kon nou nog sy troon red, en hy het sy leërmagte versamel om met geweld van wapens die rewolusiegees binne sy landpale uit te blus en dié rus aan sy veelrassige onderdane te gee, wat die vryheid hulle blykbaar nie kon bring nie.

Praag was eerste aan die beurt, en dit het nie lank geduur nie of die opstand was daar neergeslaan. Nou sou Wene die keiserlike mag voel. Uit Boheme word troepemassas aangevoer, en Jellagig met 'n groot leër, wat veral uit Slawe bestaan het, trek uit die suidooste op. Veral deur sy hulp is die weerstand van Wene na bloedige straatgevegte, waarin barrikades 'n groot rol gespeel het, gebreek, en in November 1848 was die opstand hier op 'n end. Kort daarna, in Desember, dra Ferdinand die kroon oor aan sy neef, Frans Josef, die vors onder wie die Oostenrykse keiserryk ses-en-sestig jaar later in die groot wêreldoorlog sy werklike ondergang sou teengaan. Aan die end van sy lewe het geblyk dat 'n staat, die bestaan waarvan op outokrasie en die onderdrukking van nasionaliteite berus, onvermydelik tegronde moet gaan, maar in 1848 het die jong keiser die les nie geleer nie. Inteendeel, die kragtige onderdrukkingspolitiek van sy voorganger (of liewer van die se militêre raadgewers) is juis toe met sukses bekroon, en Frans Josef het op hierdie weg voortgegaan. Hy trek teen die Magjare op, en in Januarie 1849 moes die Hongaarse regering onder Kossuth, wat intussen reeds teen Jellagig en sy Suid-Slawiese rasgenote genoeg te doen gekry het, uit Boeda-Pest wyk. Die keiser meen dat die totale ondergang van die nasionale stryd aangebreek het, en proklameer uit eie keiserlike bevoegdheid 'n regeringstelsel vir sy hele ryk, wat wel enige oorblyfsels van plaaslike selfbestuur bevat, maar geen twyfel daaromtrent laat nie dat die oppergesag by hom en ministers van sy eie keuse berus. Die Hongaarse opstand vlam egter weer op, en die keiserlike leërs word teruggeslaan. In sy nood wend Frans Josef hom om hulp na die tsaar van Rusland, en hierdie outokraat, bevrees dat 'n suksesvolle Hongaarse vryheidsoorlog die Pole tot verset kan aanspoor, stuur vir Paskiewietsj met 'n groot leër om die vlamme in sy suidelike buurman se huis te help doodslaan. Intussen raak die Magjaarse leiers aan twis onder mekaar, en in hulle verdeeldheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

is hulle deur die aanstormende vyande oorrompel. In Augustus 1849 was die opstand oor, en verskriklik was die wraak van die oorwinnaars. 'n Menigte van „die rebelle'' is opgehang of doodgeskiet. Kossuth was een van die gelukkiges wat daarin geslaag het om oor die Turkse grens te vlug. Hy het later na Engeland gegaan, en die geesdriftige ontvangs wat daar aan hom gegee is, het enigsins sy bitter teleurstelling versoet.

Die val van Metternich het in Pruise en die ander Duitse state die demokratiese geesdrif, wat onmiddellik na die Februarie-rewolusie so sterk toegeneem het, geweldig laat toeneem. In Berlyn vergader 'n groot volksmassa op 18 Maart 1848 voor die koninklike paleis, en Frederich Wilhelm in sy benoudheid maak mooi beloftes, maar dieselfde dag nog bots die arbeiders met die soldate, en die rooi rewolusievlam was daar. Barrikades, straatgevegte — alles na die bekende model! Die koninklike strydmagte begin die oorhand te kry, maar Frederich Wilhelm, diep ontsteld oor die bloedtonele wat voor sy oë afspeel, volg 'n versoenende politiek. Die troepe word op sy bevel uit die hoofstad verwyder, en 'n tydlank was die demokrate daar baas. So woedend was prins Wilhelm, 'n jonger broer van die koning, oor hierdie swak manier van met oproermakers af te reken, dat hy op koninklike bevel na Engeland gestuur is om uit die pad te wees en af te koel. Hy sou later koning word en belangriker blyke van sy geloof aan die mag van die swaard aan die wêreld vertoon.

Die versoenende houding van Frederich Wilhelm was intussen meer die gevolg van vreesagtigheid as van 'n skielike bekering tot baie liberale insigte, en toe die keiser van Oostenryk dit begin regkry om die rewolusievuur in Praag en Wene uit te doof, laat die Pruisiese koning hom die buitensporighede van die Berlynse demokrate nie meer geval nie. Hy benoem ministers, wat soos prins Wilhelm oor oproermakery dink, en met sy „ministerie van die reddende daad'' herstel hy die orde in Berlyn. Kort daarna, Desember 1848, gee hy uit eie koninklike volmag 'n nuwe konstitusie aan sy land. Hy gee sy regeringsmag nie prys nie, maar daar sou voortaan in die plek van die landdag twee kamers wees om hom op wetgewende gebied te help. Die lede van albei kamers sou gekies word, maar vir die eerste kamer sou die kiesreg van 'n aansienlike mienimum-vermoë afhanklik wees, terwyl vir die twede kamer die beginsel van algemene stemreg sou geld. Hierdie grondwet is toe in die volgende jaar (1849) verder uitgewerk en het in Januarie 1850 die vorm en inhoud gekry wat dit vrywel onverander tot in die groot wêreldoorlog behou het. In Pruise was daar voortaan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

twee wetgewende kamers: 'n „herehuis'' (Herrnhaus) bestaande uit adellike, benoemde en gekose lede, en 'n „huis van afgevaardigdes'' bestaande uit volksverteenwoordigers volgens die sogenaamde „drieklasse-stelsel'' gekies; d.w.s. die kiesers is volgens besit in drie klasse verdeel en elke klas het eweveel lede vir die laerhuis gekies. Dit spreek vanself dat die konserwatiewe elemente op hierdie basis altyd op 'n meerderheid in die wetgewende kamers kon reken. Die koning behou natuurlik die vetoreg, en hy regeer met ministers van sy eie keuse, wat in die eerste plek aan hom verantwoordelik is. Die volgende regte en vryhede van die onderdaan in Pruise word egter uitdrukkelik in die grondwet gewaarborg; die gelykheid van almal oor die wet, die godsdienstige vryheid, die leervryheid van universitêre dosente, die vryheid van elke Pruis om in beeld, woord of skrif sy opienie te verkondig.

Afgesien van Duits-Oostenryk, het die Duitse state oor die algemeen teen die helfte van die neëntiende eeu grondwette gehad wat ewe liberaal en selfs meer liberaal as die Pruisiese was. Die Duitse liberalisme het uit die rewolusiejare met winste van blywende betekenis gekom. Die verwesenliking van die nasionale ideaal van 'n eenheidstaat was daarenteen in 1850 skynbaar weer so onbereikbaar soos ooit tevore. Hoe dit gekom het dat die nasionale geesdrif van 1848 uiteindelik weer vrugteloos geblyk het, kan nou uiteengesit en verklaar word.

## § 4. Die „Frankfurter Parlement.''

Soos ons weet het die vooruitsigte van die Duitse nasionalisme aan die begin van 1848 baie gunstig geblyk. Die groot byval waarmee die voorstel van Baden begroet is, was tekenend van die gees van die tyd, en 'n belangrike eerste stap het gou gevolg. In Maart 1848 vergader die sogenaamde „voorparlement'' in Frankfurt. Dit was 'n onoffisiële byeenkoms van uitstaande nasionaliste, wat die idee van 'n Duitse parlement verder uitgewerk het, en die bondsdag sowel as die aparte staatsregerings het met twee belangrike voorstelle van hierdie „voorparlement'' akkoord gegaan, nl. dat 'n nasionale vergadering wat 'n ryksgrondwet moet opstel, in Frankfurt byeengeroep moet word, en dat die lede daarvan op die basis van ongeveer 50,000 kiesers per lid deur die Duitse volk gekies moet word. Dit het dan ook gebeur, en op 18 Mei 1848 het die 586 afgevaardigdes in Frankfurt onder die voorsitterskap van Heinrich von Gagern hulle sittings begin.

Eers is 'n „prowisoriese sentrale mag'' geskep. 'n Popu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lêre lid van die Oostenrykse keiserlike familie, aartshertog Johann, is tot voorlopige rykshoof gekies en 'n verantwoordelike ministerie is onder hom ingerig. Daarna is die volgende „grondregte" vasgestel: gelykheid voor die wet, godsdienstige, pers- en verenigingsvryheid, die jurie-stelsel met openbare hofsittings, ens., ens. Moeiliker was dit om te bepaal hoe die permanente organe van die ryksregering sou ingerig word en wat hulle verhouding tot die aparte staatsregerings sou wees. In verband hiermee het die eienaardige posiesie van die keiser van Oostenryk groot moeilikhede opgelewer en twee partye in die lewe geroep. Dit was duidelik dat daar vir Duits-Oostenryk geen plek in 'n sterk-aaneengevoegde Duitse ryk was nie, want keiser Ferdinand se nie-Duitse lande was groter van omvang en ook wat bevolking betref as Duits-Oostenryk, en dit was natuurlik ondenkbaar dat hy sy verband met hulle sou breek of selfs baie los maak om met Duits-Oostenryk in 'n groot Duitse nasionale eenheidstaat te tree. Daar was dus slegs twee moontlikhede: 'n los federasie van Duitse state met Oostenryk daarin of 'n sterk Duits-nasionale ryk met Oostenryk daaruit. Die „Groot-Duitse" party het die eerste verkies, die „Klein-Duitse" die twede. Die keiser van Oostenryk se kras onderdrukkingspolitiek in sy eie gebiede en die feit dat hy in 1849 weer 'n uiters gesentraliseerde regeringstelsel daar ingevoer het, het die oorwinning van die „Klein-Duitsers" in Frankfurt verseker. Dit het trouens hoe langer hoe helderder geword dat die Oostenrykse regering, wat teenoor die groot Duitse nasionale saak taamlik koel gestaan het, alleen daarop uit was om sy invloed in Duitsland te behou deur die aaneensluiting van die Duitse state te verhinder.

Tot die stigting van 'n heg-aaneengeslote Duitse ryk met 'n sterk sentrale regering is dan uiteindelik besluit. 'n Ryksparlement bestaande uit twee wetgewende kamers sou geskep word — 'n „statehuis," waarin die aparte state as sulks verteenwoordig sou wees, en 'n „volkshuis," wat deur die Duitse volk op die grondslag van die algemene stemreg gekies sou word. Die omvang van die ryksgesag, wat gesamentlik deur 'n „ryksopperhoof" (keiser) en die wetgewende „huise," sou uitgeoefen word, sou groot wees en veral die volgende bevoegdhede insluit: beheer van die hele buitelandse politiek van die ryk, oppergesag oor die gesamentlike leër- en vlootmagte, beslissing oor oorlog en vrede, beheer oor spoorweë, posterye en muntwese, heffing van algemene ryksbelastings ens. Alle tussenstaatse tolle in die ryk sou verdwyn, en die invoerbelastings sou natuurlik ook ryksaak wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

'n Mooi skema hierdie — op papier! Sou dit uitvoerbaar wees? Sou die state b.v. bereid wees om soveel van hulle soewereine bevoegdhede prys te gee? Hulle standpunt hieromtrent is intussen nie eers duidelik getoets nie, want 'n veel meer brandende vraagstuk het intussen oorheersend geword, en omdat dit onoplosbaar geblyk het, het die hele groot lugkasteel in yl lug verdwyn. Wie sou die ryksopperhoof wees? Na die uitskakeling van Oostenryk het net één moontlikheid oorgebly. Die koning van die enigste Europese grootmag in die toekomstige ryksverband, nl. Pruise, moes natuurlik die keiserskroon dra. Op 3 April 1849 is dit deur 'n deputasie uit Frankfurt aan Frederich Wilhelm in Berlyn aangebied; en hy het dit geweier. 'n Man in sy posiesie met meer moed as hy kon die aanname miskien *gewaag* het, want veral met die oog op die keiser van Oostenryk en sy bondgenote onder die Duitse vorste sou dit 'n groot waagstuk gewees het; maar buitendien hoe kon 'n vors soos Frederich Wilhelm, wat geglo het dat hy sy koninklike gesag direk van God kry, 'n kroon uit die hande van volksverteenwoordigers in ontvangs neem! In elk geval, hy het geweier; en die nasionale Duitse ryk was weer niks meer as 'n droom nie. Die vergadering in Frankfurt het nog 'n paar maande in sessie gebly, maar die vrugtelose besprekings van 'n magtelose liggaam verdien nie verder ons aandag nie. Ons sal liewer hier, voordat ons voorlopig weer van Duitsland afskeid neem, ons aandag gee aan 'n baie nugter en praktiese ontwikkeling wat ons nog nie genoem het nie, maar wat destyds in die Duitse gebiede sy gang gegaan het, en meer tot die uiteindelike verwesenliking van die nasionale ideaal bygedra het as al die gepraat in Frankfurt.

## § 5. Die „Zollverein."

Oostenryk nie bygereken nie, het die Duitse Bond uit 38 onafhanklike state bestaan. Of die koninkryk Pruise nou ruim die helfte van hierdie gebied beslaan het, en twintigmaal so groot as die twintig kleinste staatjies was, het aan die afsonderlike soewereine bevoegdhede van die state en staatjies niks afgedoen nie; en elkeen het b.v. die reg gehad om op sy eie grens invoerbelastings te hef. Op die duur sou so 'n toestand in elk geval die ekonomiese lewe erg belemmer het, maar namate die toepassing van stoomkrag in fabrieke 'n versnelde industriële tempo moontlik gemaak het en die aanlë van spoorweë moes oorweeg word, is die verwydering van die tussenstaatse tolgrense as 'n dringende noodsaaklikheid gevoel.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Pruise het hierby die voortou gevat — om twee redes. In die eerste plek het die deeglike Pruisiese administrasie as vanself die inisiatief geneem om die veelheid van tolgrense, wat baie administratiewe moeilikhede veroorsaak het, te probeer verminder; en in die twede plek was die Duitse verkeersvraagstuk vir Pruise, weens sy eienaardige vorm en ligging, van besonder veel belang. Die koninkryk het in die ooste van Rusland gegrens, in die suide aan Oostenryk, in die weste aan Frankryk, België en Holland; dit was lankuitgestrek, en die westelike provinsies was voor 1866 deur ander vorstendomme heeltemal van die orige Pruisiese lande afgeskei. As ons hierby nog daaraan dink dat al die groot waterweë wat die Duitse binneland na die weste en noorde met die see verbind, reeds in 1815 deur Pruisiese gebied gegaan het, dan sal ons begryp waarom Pruise juis so begerig was om die tussen-staatse tolgrense uit die weg van die vry handelsverkeer te ruim.

In 1818 kom op aandrang van Maassen, die hoof-belastingsbeampte, 'n nuwe Pruisiese tolwet tot stand. Dit het die hele stelsel van invoerbelastings in Pruise baie vergemaklik en, wat nog belangriker was, die moontlikheid geskep dat ander state, as hulle dit verkies, binne die Pruisiese tolgrense kon gebring word. Die beginsel wat neergelê is, was baie eenvoudig en liberaal; 'n staat wat sy tolgrens ten opsigte van Pruise ophef, kry per kop van sy bevolking, na aftrek van invorderingskoste, net soveel uit die algemene invoerbelastings as Pruise per kop van *sy* bevolking behou. In 1819 het die staatjie, Schwarzburg-Sonderhausen, op hierdie basis 'n tolunie met Pruise aangegaan, en dit was die begin van die groot „Zollverein,'' waaraan in 1851 al die Duitse state, met die uitsondering van Oostenryk, behoort het. Sonder veel moeite is hierdie gunstige toestand nie bereik nie. Dit het tien jaar geduur, voordat 'n ander staat die voorbeeld van Schwarzburg-Sonderhausen gevolg het, en daarna was Saksen en Beiere elk apart besig om in verset teen Pruise hulle eie tolunies op te rig en uit te brei.

Die keiserlike regering in Wene het alles in sy vermoë gedaan om die uitbreiding van die Noord-Duitse tolunie na die suide toe te keer en om die Suid-Duitse state ekonomies met Oostenryk te verbind; vandaar veral die lang tyd wat moes verbygaan, voordat die „Zollverein'' sy natuurlike omvang gekry het. Die Oostenrykers kon egter slegs halwe maatreëls voorstel, want aan die eenkant was duidelik dat al die gebiede onder die Oostenrykse kroon nie in 'n groot Duitse tolunie kon gebring word nie (hulle belange was te afwykend), en aan die ander kant wou die keiser juis sy eie lande vaster aanme-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kaar knoop. Buitendien was die Duitse state, afgesien van Oostenryk, op die noordelike en westelike handelsweë (die Ryn, die Elbe, ens.) aangewys. Pruise het dus geseëvier en nie alleen die gebied van die latere Duitse ryk ekonomies verenig nie, maar ook daardeur 'n vaste fondament vir die toekomstige politieke vereniging gelê. Motz, 'n Pruisiese minister, het reeds in 1829 dit as sy oortuiging uitgedruk dat die „Zollverein" onvermydelik toenadering en eenheid ook op politieke gebied tot gevolg sou hê, en 'n Duitse digter het omtrent twintig jaar later die wyer betekenis van die opheffing van die tolgrense ongeveer as volg besing:

„Gemmerkoekies, lappe, kase,
Peper, skêre, pype, bier,
Poppe, sout, tabak en glase,
Stewels, koeie, seep, papier!

En jul' ander heerlikhede!
Dankend loof ons julle krag!
Wat geen gees ooit hier benede
Reg kon kry, het jul' volbrag!

Want jul' het 'n band geslinger
Om die Duitse vaderland;
En om harte te verenig
Kom geen Bond by hierdie Band."

Die kragtelose Duitse Bond (bondsdag en bondsraad) het intussen bly voortbestaan, en Oostenryk het sy oorweënde posiesie daarin gehandhaaf.

Duitsland tree dus op slot van sake met belangrike en blywende oorwinnings op liberaal-konstitusionele en nasionale gebied die twede helfte van die neëntiende eeu in. Laat ons nou sien of dit ook in Italië, waar liberalisme en nasionalisme eweeens hand aan hand gegaan het, die geval was.

## § 6. Opstande in Italië.

Die Februarie-rewolusie het onmiddellik die smeulende Italiaanse ontevredenheid aan brand gesteek. In Venesië en Milaan, hoofsetels van die Oostenrykse bewind in Italië, breek in Maart 1848 opstande uit, en Karel Albert, koning van Sardienië, marsjeer sonder voorafgaande oorlogsverklaring met 'n leër oor die grens van die Oostenrykse gebied om sy rasgenote



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in hulle verset teen die uitlandse dwinglandy te steun. Die koninklike huis, wat hier in die persoon van Karel Albert op die toneel verskyn, was reeds geruime tyd deur sy besit van Savoie en Piedmont (naas Sardienië) in Noord-Italië vasgewortel, en die oë van baie Italianers was op die eg-Italiaanse koning van Sardienië gerig in die hoop dat hy met sy swaard en onder sy septer die nasionale ideaal sou verwesenlik. Mazzini, hoewel republikeins-gesind, het na die mislukte rewolusies van die jare '30 hom openlik daartoe aangespoor. Karel Albert wou eers nie na die nasionale lokstemme luister nie, want hy het groot respek vir die militêre mag van Oostenryk gekoester, maar toe die rewolusievuur in 1848 selfs rondom die keiserlike troon in Wene brand, en die gehate en gevreesde Metternich na Engeland moes vlug, het hy kans gesien om die oproerige Italiaanse provinsies van die Oostenrykse juk los te maak; en so verskyn hy dan in April 1848 onder uitbundige gejuig in Milaan. Hy kry ook die ondersteuning van Garibaldi, die beroemdste Italiaanse vryheidsheld.

Hierdie interessante persoon was een van die jong ondersteuners van Mazzini, wat in 1834 Italië moes verlaat. Hy het sedert die tyd in baie lande rondgeswerwe. Hy was o.a. 'n tydlank die admiraal van die vloot van Monte Video in Suid-Amerika. In 1848 keer hy natuurlik dadelik terug na Italië en word die aanvoerder van 'n kommando vrywilligers. Die Italiaanse patriotte behaal in die begin 'n paar oorwinnings teen die Oostenrykse troepe, en in Junie 1848 word Karel Albert tot koning van Noord-Italië uitgeroep. Die glorie was egter baie kort van duur. Die nasionale geesdrif het hier weer meer rumoerig as standvastig geblyk, en die Oostenrykse bevelvoerder, maarskalk Radetzky, 'n kragtige ou oorlogsman van oor die tagtig jaar, het deur sy groot oorwinning by Custozza (Julie 1848) die opstand in Noord-Italië die kop ingeslaan. Karel Albert het vinnig na Piedmont geretireer, en ten gunste van sy seun, Viktor Emanuel, afstand van die kroon van Sardienië gedaan. Hierdie jong vors, van wie ons nog veel sal hoor, het 'n verstandige en verligte bewind gevoer en die liberale konstitusionele regeringsvorm (parlement met verantwoordelike ministers), wat sy vader teen die sin van Oostenryk ingevoer het, verder ontwikkel.

In die tussentyd was daar ook opstande in die kerkstaat en die koninkryk van Napels-Sisielië. Die pous, Pius IX (Pio Nono) het nogal vir baie liberaal deurgegaan, en daar was nasionaliste wat gehoop het dat die eenheid van Italië onder hom tot stand sou gebring word, — ('n onuitvoerbare wens,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

want hoe kon die geestelike hoof van die hele Rooms-Katolieke kristendom, al was hy dan ook gelyktydig die wêreldlike heer van Rome, ooit die nasionale vors van 'n verenigde Italië wees?) — maar hy en sy liberaal-nasionale vriende het in hierdie tyd lelik gebots. Garibaldi, in Noord-Italië verslaan, kom met sy vrywilligers die oproermakers in Rome steun. Pio Nono moes na Gaeta vlug, en sy banvloek het nie verhinder dat 'n Romeinse republiek in die Ewige Stad uitgeroep is nie. Groot was weer die gejuig, en die aankoms van Mazzini het die geesdrif nog hoër laat styg; maar ook hier het die vreugde nie lank aangehou nie. Ontsteld oor die belediging die Heilige Vader aangedaan, spring die groot Rooms-Katolieke state, Oostenryk, Spanje en Frankryk hom by, en die pas gekose Franse president behaal sy eerste Napoleontiese triomf, toe 'n Franse leër in 1849 Rome vir die pous in besit neem. Lodewyk Napoleon het na die terugkeer van Pius IX die Franse garnisoen tot sy verdere verdediging daar gelaat en as die besondere beskermer van die troon van Sint-Pieter sy eie aansien in Europa en onder sy volk probeer versterk.

Ook in Suid-Italië was dit gou uit met die oproermakery. Koning Ferdinand II van Napels-Sisielië was geen Radetzky nie, maar so swak was by al hulle lawaaierigheid die verset van sy rebellerende onderdane, en met soveel wreedheid en verwoesting het hy teen hulle opgetree, dat die vrede van die dood en agteruitgang in die begin van 1849 in sy geteisterde lande geheers het.

Treurig was dus die vooruitsigte van die Italiaanse patriotte in 1850. Hulle leiers was verban; die ou knegskap weer ingevoer; die ou verdeeldheid bestendig. Alleen vanuit die noordwestelike hoekie van die vaderland het 'n flou skynsel van hoop geskyn; en Jong-Italië koester nog sy vryheidsdroom en rig meer en meer sy oog op Viktor Emanuel, die jong koning wat in sy klein stukkie van Italië sy onderdane met die seëninge van die vryheid gelukkig maak, en wie se naam 'n voorbode van oorwinning en redding skyn te wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK III.

## LIBERALE HEERSKAPPY IN ENGELAND.

### § 1. Die „Reform''-wet.

Karel X het in 1830 die kroon van Frankryk verloor, nie alleen omdat hy met absolute koninklike volmag wou regeer nie, maar omdat hy dié volmag teen die belange van die middelklasse wou aanwend, en hulle het sy troon omvergegooi en die bewind in die hande gekry. In Engeland het in hierdie tyd 'n soortgelyke verskuiwing van politieke mag plaasgevind, — die gevolg in die eerste plek van die toenemende versterking van die Engelse derde stand deur die Industriële Omwenteling en in die twede plek van onderlinge verdeeldheid in die geledere van die Tories. Teen die end van die jaar '20 was daar baie onder hulle wat gevoel het dat die geroep om hervorming nie op die duur geminag kan word nie, en Canning, hulle leier, was werklik in beginsel ten gunste van versigtige wetgewing om bestaande politieke en ekonomiese misstande te verhelp. Hy het ongelukkig in 1827 gesterf, maar sy volgelinge, die „Canningites,'' het hulle invloed uitgebrei. Met des te meer krag kon die Whigs, onder leiding van lord Grey en lord John Russell, vir „Reform'' intree, en na die suksesvolle Julie-rewolusie in Frankryk was hulle oorwinning verseker.

In November 1830 vergader die Britse parlement, en lord Grey gee aan die hand dat die ministerie sy aandag aan 'n verandering van die kieswette moet gee. Die eerste minister, die hertog van Wellington, weier en sê verder: „As ek vir die eerste keer 'n vorm van wetgewing vir die land moes skep, dan sê ek nie dat ek één kon tot stand bring soos ons nou besit nie, want die menslike natuur is nie daartoe in staat om dadelik so 'n uitstekende peil te bereik nie, maar ek sou na dié hoë ideaal strewe!'' Hy wou van parlementêre hervorming niks hoor nie; die bestaande stelsel was vir hom ongeveer perfek. En hoe was dit eintlik? Uit 'n bevolking van 22,000,000 in 1820 het sowat 400,000 mense stemreg gehad, en die groot grondbesitters, wat reeds deur die hoë eiendomskwalifikasies bevoordeel was, het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ook nog van die sogenaamde „Rotten Boroughs'' geprofiteer. Die kiesafdelings was nl. nie volgens die aantal kiesers ingedeel nie, maar het uit 'n verouderde lys van bevoorregte plekke en wyke bestaan. So het b.v. „Old Sarum,'' waar geen huis meer gestaan het nie, en Gatton, waar slegs 'n bouvallige murasie oorgebly het, elk twee lede na die parlement gestuur. Die benoeming tot volksverteenwoordigers was vir 'n baie groot deel in die hande van die „County gentlemen,'' wat baie kiesafdelings totaal in hulle besit had en in nog meer die sogenaamde kiesers, wat in die openbaar hulle stemme moes uitbring, op allerhande maniere kon beïnvloed. Die perfekte wetgewende stelsel van Wellington het nog verder beteken dat groot industrie-stede soos Birmingham en Manchester nie die reg gehad het om 'n enkele lid na die parlement te stuur nie. Wanneer ons die „Groot Hertog'' as 'n bewonderaar van so 'n stelsel leer ken, dan sal dit ons ook nie verbaas om te verneem dat hy vir Karel X in 1830 tot sy mislukte staatsgreep aangemoedig het nie.

Wellington se antwoord aan Grey het sy val beteken. Die „Canningites'' stem met die opposiesie in die meerderheid, en hy moes bedank. Grey vorm nou 'n kabinet en neem o.a. vir lord Palmerstone, 'n uitstaande jong „Canningite,'' as minister van buitelandse sake daarin op. In die internasionale politiek het hy weldra 'n baie groot rol begin speel, maar toe die parlement in 1831 weer vergader, was die „Reform Bill'' die allesoorheersende saak. Lord John Russell het dit ingedien. Hierdie jong edelman het reeds as opposiesie-lid verbeteringsmaatreëls deur die parlement gekry. Hy was b.v. grotendeels daarvoor verantwoordelik, dat die „Test''- en „Corporation''-wette, waarvolgens alleen lede van die Engelse Episkopaalse staatskerk parlementslede kon wees of staatsbetrekkings kon beklee, in 1829 opgehef is. Hy het hierdeur reeds 'n groot diens aan die Engelse middelklasse, onder wie daar baie Wesleyane en Metodiste was, bewys. Hy sou nou 'n poging aanwend om deur 'n verbeterde kieswet hulle tot dié politieke mag in die land te maak. Sy voorstel was: om 60 „rotten boroughs,'' wat deur 119 lede verteenwoordig was, as kiesafdelings uit te vee, om van 46 ander, wat twee lede elk had, die helfte van hulle verteenwoordigers weg te neem, om die nuwe beskikbare setels aan digterbewoonde dele, o.a. die onverteenwoordigde stede, te gee, en om die kieskwalifikasies te verminder.

Die Tories was nog altyd in die meerderheid in die volksraad (House of Commons), en selfs die gematigdes onder hulle het Russell se wetsontwerp as so rewolusionêr en gevaarlik be-

H



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skou, dat dit afgestem is. 'n Nuwe verkiesing het plaasgevind, en soos in die verlede reeds meermalë die geval gewees het, het die verouderde kiesstelsel nie belet dat die geroep om „the Bill, the whole Bill and nothing but the Bill,'' waarin 'n besliste eis van 'n groot meerderheid van die volk duidelik gehoor kon word by die eleksies die deurslag gee nie.

In die nuwe volksraad het die Whigs 'n enorme meerderheid gehad, en die wetsontwerp is maklik aangeneem; maar nou moes die hoër wetgewende liggaam, „the House of Lords,'' die eintlike bolwerk van die adellike grondbesitters, dit nog behandel. Die hoë here het dit sonder omweë verwerp. Geweldig was toe die opwinding in die land. In die begin van 1832 sit die laer huis dit weer deur, maar die lords stuur dit so gewysig terug, dat dit nie meer aanneemlik was nie. Lord Grey kom nou met 'n dreigement. Hy sal die koning vra om vyftig nuwe lords te maak, wat 'n meerderheid vir die „Bill'' ook in die hoër huis sal verskaf. Sou die koning (hy was 'n onbeduidende vors, Willem IV) gewillig wees om dit te doen? Konstitusioneel moes hy die advies van sy ministers volg, maar daar was net 'n kans dat hy sou weier. Hy het hom egter skoorvoetend gereed verklaar om die konstitusionele weg te volg; en Wellington en sy trawante moes tou-opgooi. Om te verhoed dat 'n skare van splinternuwe lords onder hulle verskyn, besluit hulle om die ontwerp nie meer te opponeer nie, en op 7 Junie 1832 het die koning sy handtekening daaronder gesit. In sy finale vorm het die „Reform''-wet 41 ou kiesafdelings afgeskaf en van 30 'n lid elk weggeneem. Die getal kiesers is met omtrent 'n half-miljoen vermeerder. Teen die end van die jaar 1832 het by die eleksies geblyk dat die liberale, soos die Whigs hulle nou genoem het, onder die nuwe kiesstelsel oor 'n geweldige meerderheid beskik. Die eertyds magtige Tory-party was gebreek. Hulle het ook hulle onpopulêre naam verander en konserwatiewe geword, maar dit sou baie jare duur, voordat hulle hul politieke invloed sou terugwen. Vir meer as 'n geslag sou die liberale, met slegs kort tussentydjies van konserwatiewe bewind, die dominerende party in die laer huis wees. Die heerskappy van die Britse middelstand was gevestig. In Frankryk moes dit deur 'n rewolusie verkry word. Die gesonde en geoefende politieke verstand van die Britse regeringstelsel het hierdie groot omslag langs suiwer konstitusionele weg laat plaasvind.

## § 2. Hervormings.

Die lang tydperk van liberale opperheerskappy (1830 —



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

1866) word in die eerste plek deur verdere hervormings gekenmerk. In 1833 is die wet tot afskaffing van slawerny in die Britse ryk deurgevoer. Die ideaal van Wilberforce was verwesenlik. Stanley, die minister wat vir hierdie wet verantwoordelik was, het veral sy oog op die Engelse Wes-Indiese plantasies gehad, waar onmenslike mishandeling van slawe nie besonder ongewoon was nie, en onder die aansporing van die filantrope het hy hom gehaas om aan die hele hemeltergende stelsel 'n end te maak. Dis jammer dat hy so haastig was; dat hy hom b.v. net drie weke gegun het om die saak in sy besonderhede te bestudeer en sy wet op te stel. Anders kon hy miskien ontdek het dat die slawerny in Suid-Afrika van 'n ander aard was, en dat 'n meer geleidelike emansipasie-politiek hier gevolg kon word. Dis egter twyfelagtig of selfs meer oorweging hom tot verstandiger insigte met betrekking tot Suid-Afrika sou gebring het, want die filantropiese koors het na 1830 baie hoog geloop in Engeland. Die feit dat die Britse parlement die enorme som van £20,000,000 vir skadeloosstelling gestem het, bewys op watter hoë sedelike en idealistiese basis hierdie vraagstukke behandel is. Die Britse publiek het hom daarby op 'n onselfsugtige standpunt gestel, maar mense wat in 'n selfverheffende gloed van onselfsugtigheid handelend optree, is dikwels juis blind teenoor redelike argumente wat nie met hulle opvattings ooreenkom nie.

Die eerste wet om fabriekswerkure te beperk (kinders onder dertien jaar tot ag uur per dag; kinders tussen dertien en agtien twaalf uur per dag), is ook in 1833 aangeneem. Lord Shaftesbury het op die gebied van sosiale hervorming die voortou gevat, maar hy het nie soveel geesdriftige ondersteuning soos b.v. Wilberforce gekry nie. Die besittende middelstand het aan vryheid geglo, maar ook van vryheid vir hulself om hulle fabrieke na eie goedvinde te drywe. Eers in 1847 is 'n twaalfuurdag (6 v.m. tot 6 n.m.) met twee uur tussenin vir maaltye vir fabriekswerkers ingevoer, en die woningtoestande van die arbeidende klasse het oor die algemeen sleg gebly.

Die hervormings van die groot liberale tydperk was dan ook in die Britse eilande deurgaans meer bereken om onnodige dwang af te skaf as om nuwe dwang, al was dit dan ook in belang van 'n onderdrukte klas, in te voer. Veral op ekonomiese gebied het die leuse, *laissez faire,* gegeld. „Die staat moet nie die ekonomiese lewe deur kontrolerende wette of belastings in sy vrye ontwikkeling belemmer nie; volg die groot grondbeginsel deur Adam Smith neergelê, nl. dat ongehinderde kompetiesie die natuurlike fondament van volkswelvaart is; verwyder

H2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dus al die wette wat handel en industrie op enige manier bind; maar dan, basta!''

Dit was die leer van die sogenaamde „Manchester School,'' wat vóór die middel van die eeu die hele Britse ekonomiese politiek beheers en lank daarna sy opperheerskappy behou het. Die stigters van hierdie „skool'' was Richard Cobden en John Bright, en hulle eerste aanval was teen die koringwette gerig. 'n Vereniging, die „Anti-Corn-Law League,'' is in 1838 in Manchester deur hulle in die lewe geroep, met die doel om die invoerbelastings op koring afgeskaf te kry. Daar was natuurlik van die kant van die grondbesitters veel opposiesie teen hierdie beweging, en in 1841 is 'n liberale ministerie as gevolg van sy poging om die koringwette in die rigting van die „Manchester School'' te wysig, verslaan; maar selfs die volgende konserwatiewe regering onder sir Robert Peel, het dit verstandig geag om 'n gematigde vryhandel-politiek te volg en die invoerbelasting te verminder. Hieroor het wel 'n skeuring in die konserwatiewe party gekom, en Benjamin Disraeli het as leier van die proteksioniste opgang begin maak (beroemd is sy steek aan Peel: „Jy het die Whigs gevang toe hulle aan baai was, en jy het met hulle klere weggeloop''); maar Peel het hom nie laat afskrik nie. Hy was eindelik oortuig dat 'n groot meerderheid van die Britse volk die algehele afskaffing van die koringwette verlang, en in 1846 het hy dit deurgevoer.

Dit was 'n groot oorwinning vir die industriële klasse, wat nou nie meer gedwing sou word om vir die grondbesitters en boere se ontwil duur brood te eet nie; en tewens was dit 'n bewys van die oorheersende invloed wat hulle in die politiek verwerf het. Lord John Russell, wat na die val van Peel in 1846 as leier van 'n liberale ministerie aan die bewind gekom het, het in 1849 die laaste proteksionistiese oorblyfsel van die Britse wetboek verwyder deur die herroeping van die Nawigasiewet, die skepping van Cromwell. Die Britse skeepvaart was reeds lank so oorheersend in die wêreld, dat dit die beskerming van hierdie verouderde maatreël nie meer nodig had nie, en vir die Britse industrie was die voortbestaan daarvan nie voordelig nie.

So het die vryhandelaars dan teen die middel van die eeu hulle wense vervul gesien. Brittanje was 'n land wat sy deure vir die wêreld oopgegooi het, aan sy eie produkte bo die van ander lande geen voorkeur gegee het nie, die skepe van ander wêrelddele in sy hawes welkom geheet het — en nie alleen die skepe nie, ook die mense van oorsee, daaronder gevlugte konings en tiranne en verbanne vryheidshelde! In hierdie gees is die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

eerste groot wêreldtentoonstelling in 1851 in Londen gehou. Die „Crystal Palace,'' die ontsaglike gebou van glas en staal, wat die merkwaardige versameling van artiekels uit baie wêrelddele, waaronder die produkte van die Engelse industriële omwenteling 'n ereplek ingeneem het, onder sy hoë, deursigtige dak gehuisves het, is in sigself destyds beskou as 'n wonderwerk van Britse tegniese vernuf. Dit was 'n triomf vir die Britse industrie en die *laissez faire*-politiek van die liberale, 'n triomf ook vir die man wat die voortou by die hele onderneming gevat het, nl. prins Albert, die eggenoot van koningin Victoria.

Ons sal ons herinner dat sy in 1837 die troon bestyg het. In prins Albert het sy 'n verstandige en edelmoedige lewensgesel en raadgewer gekry. Hy was 'n lid van die Duitse vorstelike huis van Saksen-Koburg. Hy en sy jong vroutjie was baie gelukkig saam; hulle huislike lewe was 'n toonbeeld van opgewekte pligsbetragting en deug; en veral die Engelse middelklasse, onder wie fatsoenlike huislikheid hoog aangeskryf was, het in die koninklike familielewe hulle eie ideale weerkaats gesien, en was des te sterker daarvan oortuig dat Engeland na 1830 die regte koers ingeslaan het.

Die „Crystal Palace''-tentoonstelling moet ook as 'n teken van die gees van die tyd opgeneem word. Internasionale toenadering was in die lug. Die rewolusiejare was verby; sedert 1815 het Europa geen groot oorlog geken nie; en die verkeer binne die eie land en met ander lande het met reusespronge bewoners van verskillende dele van die Britse eilande, asook tussen Brit, Fransman, Amerikaner, Duitser, ens., moes onvermydelik volg. In 1850 was die seereis tussen Engeland en Amerika, as gevolg van verbeterings in die gebruik van stoomkrag, tot dertien dae afgebring, en verskillende Britse, Europese en Amerikaanse stoomskip-maatskappye was besig om lande nader aan mekaar te bring. Ook van die telegrafie, wat in 1837 deur 'n Amerikaner, Morse, vir die praktyk bruikbaar gemaak was, en daarna so 'n vinnige uitbreiding en ontwikkeling ondergaan het, dat b.v. in 1850 die Britse telegraafstelsel met die Europese deur die legging van 'n ondersese kabel tussen Dover en Calais verbind is, kon veel verwag word. Selfs die fotografie, in 1838 deur 'n Fransman, Daguerre, ontdek, sou meehelp om die skeiding wat deur afstand veroorsaak word, minder sterk te maak. Geweldig was natuurlik die uitwerking van die spoorweë op hierdie gebied. Hulle uitbreiding, nie alleen in Engeland nie, maar ook veral in Frankryk, Duitsland en die Verenigde State van Noord-Amerika het vinnig voortgegaan, en die groot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nasionale spoorweg-stelsels, wat later selfs internasionaal sou word, was in aanbou.

Van besonder veel betekenis vir nasionale vereniging en omgang was dan nog die *pennie-pos.* Tot 1840 was die posgeld vir briewe, ook in Engeland, baie hoog, nl. van één sjieling tot twee sjielings en selfs meer volgens afstand, en die ontvanger moes die porto by aflewering betaal. Wie nie geld het nie, kry nie sy brief nie. Dit het eenmaal in die teenwoordigheid van Coleridge met 'n arm meisie gebeur in Noord-Engeland, en uit jammerte betaal die digter die posgeld, maar toe die briefdraer weg was, blyk dit dat sy milddadigheid onnodig gewees het. In die koevert was geen brief nie, en die boodskap was reeds oorgebring, want omdat sy die hoë tarief nie kon bekostig nie, het die meisie 'n afspraak met haar broer gehad dat hy tydens sy verblyf in Londen haar af-en-toe so 'n koevert sou stuur om te wys dat hy nog gesond is. Coleridge het hierdie gebeurtenis aan Rowland Hill, 'n hoë posbeampte, meegedeel, en dit word beweer dat hy daardeur beweeg is om ernstig na te dink oor die moontlikheid van 'n goedkoper sisteem. Hoe dit ook mag gewees het, op aandrang van Hill is in 1840 die pennie-pos in Groot-Brittanje ingevoer, en deur die nuwe stelsel van posseëls was dit moontlik om die porto vooruit te betaal. Die eksperiment het 'n skitterende sukses geblyk, want nou kon die armste man 'n brief bekostig, en die posverkeer het so 'n omvang gekry, dat dit baie pennies meer opgebring het as die enkele sjielings van vroeër. Ander lande het weldra die voorbeeld van Engeland binne hulle eie grense gevolg; en die Engelse liberale het 'n rede te meer gehad om daarvan oortuig te wees dat hulle heerskappy, nie alleen in Groot-Brittanje nie, maar selfs vir die wêreld in die algemeen geluk en voorspoed gebring het. In baie opsigte het hul reg gehad, maar daar was ook ernstige skadusye aan hulle bewind.

## § 3. Ontevredenheid en Ellende onder die Vierde Stand.

Die politiek van *laissez faire* het die fabrieksbesitters bevoordeel, maar was nie altyd bereken om die lot van die arbeiders te verbeter nie. Die volgende beskrywing van die arbeidersbuurt in Manchester teen die middel van die neëntiende eeu gee ons 'n indruk van die ellende waaraan baie van hulle blootgestel was: „In 200 vas-aaneengeboude huisies woon 4,000 mense. Die huisies is oud, vuil en van die kleinste soort, die strate ongelyk, ongegruis en sonder afvoerslootjies. 'n Massa



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

afval en vuilnis lê orals rond. Die lug word deur die stank van die strate en die rook van die fabrieke verpes en verduister. Dit krioel van vroue en kinders, wat so vuil is as die varke wat op ashope en in modderpoele rondlê. In elkeen van hierdie huisies, wat hoogstens uit 'n solder, twee kamers en 'n onderaardse kelder bestaan, woon gemiddeld 20 mense.''

Van 'n ander beriggewer verneem ons dat 'n tiende van die bevolking van Manchester in onderaardse kelders gewoon het, en dat in die agterbuurtes van Londen en ander groot stede soortgelyke wantoestande geheers het. Om twee families met hulle kinders, groot en klein en van albei geslagte, in een kamer gehuisves te vind, was niks buitengewoons nie. Verder word ons meegedeel dat teen die jaar 1840 in Leeds één kind uit 41 onderwys ontvang het, in Birmingham één uit 38, in Manchester één uit 35 en in Londen één uit 27. In die Europese fabrieksentrums was die toestande nie beter nie, maar van Engeland was dit onbetwisbaar ook waar „dat die stoommasjien, wat meer as die filantrope daartoe bygedra het om die slawerny af te skaf, 'n slawerny van 'n ander soort in die plek daarvan laat opkom het.'' En teen hierdie slawerny, die ellende van die Vierde Stand, het selfs die bevoorregte Engelse middelklasse in die tyd van hulle opperheerskappy nie veel uitgerig nie. Die verbeteringsproses het wel ook op hierdie gebied sy gang gegaan, die werk- en woontoestande van die arbeiders is langsamerhand meer onder staatstoesig gebring, en groter geldsomme is deur die regering vir die onderwys beskikbaar gestel b.v. £100,000 in 1847 vergelyk met £20,000 in 1833; maar die skoolwese was nog altyd onder kerklike of privaat beheer. Die idee dat die staat as sulks die onderwys van die volk moes behartig, het in lande soos Frankryk en Duitsland reeds groot vooruitgang gemaak, maar in Engeland het die regering slegs 'n bietjie steun daarby verleen. Die grondbeginsel van so min staatsinmenging moontlik in die sogenaamde privaat aangeleenthede van die burger, is ook op hierdie gebied gehandhaaf.

Onder sulke omstandighede is dit begryplik dat die armoedlydende en, vir 'n baie groot deel, ongeleerde arbeidersmassas in 'n onheilspellende geestestoestand verkeer het. Hulle wou meer politieke mag in hulle hande kry om hulle posiesie te verbeter, en teen die end van die jare '30 is die sogenaamde „People's Charter,'' waarin hulle eise uiteengesit is, opgestel. Die ses punte daarin was: (1) jaarlikse parlemente, (2) algemene manlike stemreg, (3) geheime stembriefies (onder die „Reform''-wet het die keuse van parlementslede nog in die openbaar geskied), (4) vasstelling van alle kiesafdelings volgens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dieselfde bevolkingsyfer, (5) afskaffing van besitkwalifikasies vir parlementêre kandidate, (6) betaling van parlementslede.

In 1839 is hierdie „Charter'' deur groot arbeidervergaderings gesteun en in die vorm van 'n petiesie na die parlement gestuur. Die verteenwoordigers van die heersende klasse in Westminster het egter geweier om dit selfs te oorweeg, en toe as gevolg hiervan opstande in Birmingham en ander stede uitbreek, is soldate gebruik om die oproermakers neer te skiet en is hulle aanvoerders tot lewenslange ballingskap veroordeel. In die rewolusiejaar, 1848, het die „Chartists'' gemeen dat die tyd aangebreek het om weer 'n poging aan te wend om hulle eise verwesenlik te kry. 'n Groot vergadering is in Londen georganiseer, maar die betreklik algemene welvaart in Engeland in hierdie tyd, wat ook vir die arbeiders voordelig was; die herroeping van die koringwette, die teenmaatreëls van die regering en die besliste optree van die burgerlike bevolking van die hoofstad, wat klaar was om onluste die kop in te slaan, het die hele beweging op 'n belaglike fiasko laat uitloop. Slegs 20,000 mense, baie van wie slegs uit nuusgierigheid daar was, het die wyd-geadverteerde vergadering bygewoon, en tienmaal soveel ondersteuners van wet en orde, deur die regering uit die publiek aangewerf, was klaar om alle buitensporighede teen te gaan. Die vergadering is wel gehou en 'n petiesie is aan die parlement gestuur, maar pleks van die byna ses miljoen ondertekenaars waarvan gepraat was, het dit slegs tweeduisend handtekenings bevat.

Na hierdie treurige mislukking het die „Chartists'' nie weer hulle koppe opgetel nie; en die ontevredenheid van die arbeiders het afgeneem al namate die algemene welstand toegeneem het en verbeterings vir hulle ingevoer is. Die idee dat hulle deur „Trades Unions'' meer sou uitrig as deur politieke vertoë en gewapende verset, het grond gewen; en die praktiese sin van die Brit het dus weer die ekonomiese en politieke ontwikkeling in sy land teen baie van die skokke gevrywaar, waaronder b.v. Frankryk gely het. Dis interessant dat al die eise van die „Chartists'' wat uitvoerbaar is, langsamerhand in die Britse konstitusie opgeneem is — sonder rewoluises of straatgevegte.

## § 4. Die Ierse Duisternis.

Die donkerste skaduvlek is in hierdie tyd ongetwyfeld deur Ierland op die reputasie van die Britse bewind gewerp. Hierdie ongelukkige eiland het nie, soos b.v. Skotland, in gemeenskap met Engeland welvarend geword nie. Die redes hiervoor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

is histories verklaarbaar. Skotland was oorspronklik ook 'n onafhanklike gebied, maar op vriendskaplike wyse is dit met Engeland verenig. Die Skotse koninklike huis, die Stuarts, het nl. na die dood van koningin Elisabeth ook die Engelse kroon geërf, en die parlementêre unie van die twee lande, wat in 1707 deurgevoer is, het baie bevredigend gewerk, o.a. omdat die Skotte oorweënd Protestants en vir 'n groot deel van Angel-Saksiese oorsprong is.

Ierland daarenteen is deur 'n reeks van veroweringsoorloë, wat met groot wreedheid deur Cromwell afgesluit is, aan Engeland geheg, en die oorspronklike Ierse bevolking wat nieteenstaande 'n instroming van Engelse en Skotte veral in die noordelike provinsie, Ulster, oorweënd in getal gebly het, het die band met die suster-eiland as 'n juk gevoel. Hulle Keltiese afstamming en temperament en die feit dat hulle Rooms-Katoliek gebly het, het 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en hul oorheersers veroorsaak, 'n kloof wat gedurig wyer en dieper gemaak is deur wantoestande wat hulle aan die teenwoordigheid van die vreemde indringers en die Engelse bewind toegeskrywe het. Sonder rede was hulle klagtes ook nie. Groot landerye het in die besit van die veroweraars gekom, en duisende Ierse pagters moes onder vreemde en onsimpatieke grootgrondbesitters, wat gewoonlik nie in Ierland gewoon het nie en wie se belangstelling in hulle Ierse besittings by die invordering van die paggelde opgehou het, 'n sukkelende bestaan maak. Die ekonomiese posiesie is verder versleg deur die feit dat die Engelse politiek na 1688 daarop bereken was om die industriële vooruitgang van Ierland te vertraag. Bitter het die Iere dit ook gevoel, dat hulle gedwing was om tiendes te betaal tot die instandhouding in Ierland, nie van hulle eie Rooms-Katolieke Kerk nie, maar van die Engelse staatskerk. Opstande het nie uitgebly nie. Tydens die Napoleontiese oorloë was daar b.v. 'n geweldige nasionale uitbarsting, wat met groot strengheid onderdruk is. Selfs lord Cornwallis, wat destyds die Engelse bevelvoerder in Ierland was, het hom daaroor geskaam. Hy skryf in 1799: „The conversation of the principal persons of the country all tends to encourage this system of blood, and the conversation, even at my table, where you may suppose I do all I can to prevent it, always turns on hanging, shooting, burning, etc., and if a priest has been put to death, the greatest joy is expressed by the whole company.''

In 1801 is Ierland ook parlementêr met Engeland verbind, en die *Union Jack* met die drie kruise van Engeland, Skotland en Ierland moes die eenheid van Groot Brittanje voorstel; maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die Ierse lede in die Engelse parlement het dié eenheid nie ondersteun nie. Hulle getal was natuurlik te klein om hulle werklik enige seggingskap te gee, en 'n beweging om die parlementêre band weer af te knip en vir Ierland 'n eie wetgewende liggaam te kry het begin. O'Connell met sy leuse, „*Repeal*" (Herroep die Unie van 1801), het hierby die voortou geneem. Gedurende die jare '30 het die Ierse toestande hoe langer hoe ernstiger geword. Groot verbittering is veroorsaak, deurdat baie Ierse pagters wat as gevolg van slegte oeste hulle paggeld nie kon betaal nie, uit hulle huisies gesit is (*evicted*); en die verdrewe bywoners, ongeletterde mense met die hartstogtelike Keltiese temperament, het dikwels uit wraak tot brandstigting en moord oorgegaan. In 1845 het die ellende in Ierland oorstelpend geword. Uit 'n totale bevolking van agmiljoen het die helfte vrywel van aartappels gelewe, en 'n onbekende siekte het die hele aartappeloes vernietig. 'n Verskriklike hongersnood het natuurlik gevolg. Duisende het gesterf; meer nog het die geteisterde eiland verlaat; en die groot Ierse emigrasiestroom na Amerika het vol en diep geloop. Ook na 1845 het die toestande in Ierland ellendig gebly, en die bevolking het tot vyfmiljoen verminder.

Teenoor die Ierse vraagstuk het die Engelse liberale gedurende die geslag van hulle opperheerskappy, taamlik magteloos gestaan. Ingrypende maatreëls tot verbetering van die bestaande euwels is nie deurgevoer nie, en die geroep om „repeal" het in Engeland op dowe ore geval. Die liberale was wel ten gunste van plaaslike selfbestuur; hulle munisipaliteitswet van 1835, wat die ou ko-opsiestelsel vernietig en die keuse van munisipaliteitslede in die hande van die belastingbetalers gestel het, was 'n uiters belangrike voorwaartse stap, en soos ons nog sal sien, was hulle gereed om ook aan die kolonies 'n groot mate van selfregering te gee; maar hulle liberalisme het, wat dit betref, aan die Ierse kus opgehou. Later eers sou die grootste liberale staatsman van die eeu, Gladstone, dit waag om ook op Ierland die liberale beginsels werklik toe te pas.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK IV.

# BRITSE BUITELANDSE EN IMPERIALE POLITIEK GEDURENDE DIE LIBERALE TYDPERK.

### § 1. Die Krimoorlog.

Teenoor die buiteland het die liberale ook 'n politiek van *laissez faire* gevolg; non-intervensie was die wagwoord. Dit het hulle egter nie verhinder om wel in te gryp nie, wanneer hulle gemeen het dat 'n vreemde mag deur *sy* ingryping die Britse belange in groot gevaar stel; en so word die buitelandse politiek van Palmerstone verklaar. Vir hom was daar net één buitelandse vyand, maar 'n gedugte. Dit was Rusland, wat in hierdie tyd sy mag na die ooste tot aan die grense van Persië, Afganistan en Sjiena, ja selfs tot aan die Pasiefiese kus, en in Europa oor die Swart See uitgebrei het. Die Russe in Konstantinopel en in Indië — dit was die vrees wat agter Palmerstone se hele optree geskuil het.

In 1840, soos ons weet, het hy nog daarin geslaag om saam met die tsaar die sultan van Konstantinopel teen die gevaarlike aanval van Mehemet Ali, die beskermeling van Frankryk, op sy troon te hou; maar 'n egte verbroedering tussen Engeland en Rusland was hierdie samewerking nie, want gelyktydig het die Russe hulle invloed oor Persië uitgebrei en is 'n groot Engelse leër na Afganistan gestuur om te voorkom, dat hulle ook hier die oorhand kry en tot in die passe van die Himalajagebergte deurdring. 'n Nasionale opstand onder die Afgane, 'n kragtige bergvolk, het gevolg, en in 1842 het die tragiese terugmars van die Engelse leër uit Kaboel na Jellalabad op die Indiese grens plaasgevind. Uit 14,500 mans, vroue en kinders het net één persoon, dr. Brydon, Jellalabad bereik om die nuus te bring dat al die ander in voortdurende gevegte met die Afgane omgekom het.

Die Russe het uit hierdie ontsettende neerlaag nie veel voordeel getrek nie, want die oog van die tsaar was hoe langer hoe meer op Konstantinopel gerig. Nikolaas I het die uiteenval van die Turkse ryk tegemoet gesien en hy wou klaar wees om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die ontbindingsproses te verhaas en die grootste voordele daaruit te verkry. Daar was ook werklik onrusbarende tekens van agteruitgang in die Turkse mag. Die sultan was te swak gewees om Mehemet Ali te bedwing, en in sy Europese provinsies het die Suid-Slawe (Serwiërs, Montenegryne en Boelgare) en die Roemene, wat almal aanhangers van die Griekse Kerk was, baie woelig onder die Mohammedaanse juk geword, en hulle het van die tsaar, die groot beskermer van die hele Griekse Kristendom, 'n spoedige verlossing verwag.

In 1853 het Nikolaas I aan die Britse gesant in Rusland 'n voorstel gemaak. Hy noem die Turk „die Siek Man,'' en hy wil hê dat as „die Siek Man sterf,'' Engeland Kreta en Egipte uit sy boedel oorneem, terwyl Rusland met die oppertoesig oor die Turkse Europese provinsies, wat onafhanklike state moet word, tevrede sal wees. Die Engelse regering wat „die Siek Man'' aan die lewe wou hou, het op hierdie voorstel nie ingegaan nie en intussen voorbereidsels getref vir verdere ontwikkelings. Hulle het gou gevolg. Die kristelike onderdane van die sultan was werklik baie onderdruk, die tsaar het as hulle ondersteuner opgetree, en vóór die end van die jaar was daar oorlog tussen Rusland en Turkye.

Nou was die lang vredestyd uit, want Engeland en Frankryk kon nie toesien dat die magtige en gevreesde Russiese ryk toegang tot die Middellandse See kry nie, en die Engelse regering en Napoleon III het ooreengekom om die Turke te help. Koning Victor Emanuel het ook later by hulle aangesluit; en die geallieërdes het 'n groot leër deur die Dardanelle en oor die Swart See, wat deur die Britse vloot vir hulle veilig gemaak was, na die Krim gestuur wat die Russe tot hulle versterkte basis gemaak het. Hier is die oorlog beslis, en dit heet derhalwe die Krimoorlog. Lord Raglan, die broer van lord Charles Somerset, was die Engelse bevelvoerder, en veldmaarskalk St. Arnaud die Franse. Die samewerking tussen hulle was nie baie goed nie, maar hulle was beter gewapend as die Russe, ook hulle artillerie was meer modern, en die tsaar kon sy ontsaglike voorraad aan vegmateriaal nie behoorlik gebruik nie, omdat daar nog geen spoorweë in sy land was nie. In September 1854 is die Russe by die Almarivier verslaan, maar hulle het op Sebastopol teruggeval, en die pogings van die geallieërdes om hierdie versterkte stad in te neem, was lank tevergeefs. Groot slae is gelewer, b.v. by Balaklawa, waar die Engelse „Light Brigade'' ewige roem behaal het, en by Inkerman, maar die verskriklike winter van 1854/5 het gekom, en die oorlog was nog nie oor nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die Britse publiek het intussen ongeduldig geword. Ongunstige berigte, o.a. ook wat betref die verpleging in die groot militêre hospitaal in Skutari, naby Konstantinopel, het verontwaardiging gewek. Miss Florence Nightingale het toe haar kans gekry om wêreldberoemd te word. Sy was 'n merkwaardige vrou. Sy het in haar gees verenig 'n baie teer gevoel vir die siekes en gewondes, met 'n onbuigsame wil wat selfs tot hardheid kon oorgaan, en buitengewone organiserende talent en energie. Met 'n aantal ander dames het sy na Skutari gegaan, en binnekort was die hele verplegingstelsel daar op 'n bevredigende basis gereël. Haar werk is van onskatbare waarde gewees, nie alleen omdat sy as 'n reddende engel soveel ellende in die Krimoorlog versag het nie, maar ook omdat na dié tyd onder alle beskaafde nasies na behoorlike siekte- en wondeverpleging in oorloë gestreef word en die werkers en werksters, wat onder die Rooi-Kruis barmhartigheid beoefen, 'n groot en erkende plek in krygsoperasies inneem. Die instelling van die Rooi-Kruis-organisasie as sulks, met sy onderskeidingsteken en die voorregte daaraan verbind, dateer egter eers van die jaar 1864, en was één van die belangrikste uitvloeisels van 'n internasionale konvensie wat toe in Genève vergader het.

Die Engelse regering het heelwat blaam gekry vir die toestande in Skutari en die uitgerektheid van die oorlog, en in 1825 is Palmerstone gevra om as eerste minister die leiding op hom te neem en 'n end aan die lang gesukkel te maak. Palmerstone was werklik 'n man met energie en daadkrag, maar hy het ook geluk gehad, want die Russiese verset was reeds verswak, en die geallieërdes se kragte het toegeneem, ook omdat die Italianers nou in die Krim verskyn het. Op 8 September 1856 is die laaste groot aanval op Sebastopol gemaak, en veral die onstuimige bestorming van die Malakoftoring deur die Franse het die beslissing gebring en die oorgawe van die stad onvermydelik gemaak. Kort hierna is vrede gesluit, en Alexander II, die opvolger van Nikolaas I wat kort tevore gesterf het, moes belowe om nie meer 'n vloot op die Swart See te hou of die Krim as oorlogsbasis te versterk nie.

## § 2. Die Indiese Opstand.

So is die Russiese gevaar, wat in die oog van die Engelse altyd op die Oos-Europese en Indiese horisont gelê het, dan weer teruggestoot; en dit was ook die hoogste tyd, want ernstige gebeurtenisse het in Indië gevolg. Gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu is dié gedeeltes van Indië wat nog nie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

direk onder Britse bestuur of onder Britse opperheerskappy gestaan het nie, aan die groot kompleks van Britse besittings en vasalstate in Indië toegevoeg. Baie belangrik was die verowering van die Pendsjaab (1845 — 1849), en dis interessant om te weet dat sir Harry Smith, wat geen vreemdeling in Suid-Afrika was nie deur sy oorwinning by Aliwal, in Januarie 1846, daartoe bygedra het om die *Sikhs,* die kranige bewoners van die Vyfstroomland, onder Engelse bestuur te bring. Nou was ook die belangrike en vrugbare Indusgebied teen Russiese inmenging veilig, maar 'n dringender gevaar naderby was op hande.

Indië bestaan uit baie state en provinsies en word deur verskillende rasse met 'n groot verskeidenheid van tale en godsdienste bewoon. Die Mohammedane vorm deur hulle betreklik hoë welvarendheid 'n belangrike deel van die bevolking, maar die aanhangers van die ou inheemse Hindoegodsdiens is ver in die meerderheid, en die aangewerfde Brits-Indiese troepe, „Sepoys,'' het oorweënd uit hulle bestaan. Tussen die Mohammedane en die Hindoes kan die vrede nooit lank bewaar word nie, omdat hulle deurmekaar woon, en godsdienstige wrywing gedurig tussen hulle plaasvind. Sodra hulle hul godsdienstige geskille op die agtergrond skuif, kan daar gevaar ontstaan vir die Britse bewind in Indië. In 1857 het opstokers daarin geslaag om Hindoe en Mohammedaan in 'n nasionale verset te verenig. Van twee kante is die vuur aangeblaas, — deur die ondersteuners van die Mogul-dinastie, die onttroonde keiserlike huis, wat tot in die agtiende eeu met groot prag en praal uit Delhi en Agra oor 'n groot deel van Indië geheers het, en deur die aanhangers van Nana Sahib, die erfgenaam van die vorste van die Marattas, 'n sterk bergvolk in Sentraal-Indië, wat eers in die begin van die neëntiende eeu hulle onafhanklikheid verloor het. Daar was reeds ontevredenheid onder die „Sepoys,'' o.a. omdat hulle in 1856 aangesê is dat hulle ook verplig kon word om buitekant Indië te gaan veg; en hierop volg toe die nuwe patroon! Dit was 'n vetgesmeerde verbetering op 'n ouer model, en die soldaat moes dit vasbyt, voordat hy dit in sy geweer steek. Vinnig is die „Sepoys'' opgesweep. Aan die Mohammedane is gesê: „Julle word verplig om julle lippe aan varkvet te sit,'' en die vark was vir hulle onrein; aan die Hindoes: „Julle word onheilig en tot sonde gedwing, want dis die vet van ons heilige dier, die koei, waaraan julle moet byt.''

Die opstand het in Mei 1857 in Delhi begin, waar die „Sepoys'' hulle Engelse offisiere vermoor, die stad in besit geneem en die erfgenaam van die Groot-Moguls tot keiser van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Indië uitgeroep het. Daarna slaan dit na Lucknow oor, en hier begin sir Henry Lawrence met 'n klein garnisoentjie die heldhaftige verdediging van die Britse residensie. Intussen word die ontsettende moord-tragedie in Cawnpore afgespeel. Die blank garnisoen, vyfhonderd man met ongeveer net so veel vroue en kinders, gee hulle aan Nanna Sahib oor, onder voorwaarde dat hulle onbelemmerd mag vertrek. Die wreedaard het nie woord gehou nie, en slegs vier blankes het aan die moordlus van sy soldate ontkom. Die historiese put wat van die lyke van vroue en kinders vol was, en waaroor vandag 'n marmer engel sy vlerke sprei, is 'n blywende aandenking aan hierdie afskuwelike voorbeeld van oosterse valsheid en bloeddorstigheid.

Op baie plekke in die Ganges-vallei het die „Sepoys'' gerebelleer en wreedhede gepleeg, maar die opstand het nie verder uitgebrei nie. Besonder gelukkig vir die Engelse was dit dat die Pendsjaab stil gebly het. Die gedugte Sikhs, ofskoon net kort tevore verower, was in hulle skik met hulle billike en verstandige goewerneur, sir John Lawrence, 'n broer van die verdediger van Lucknow, en het hom teen die „Sepoys'' gehelp. Die Engelse leërmagte in Indië was betreklik klein, maar na die eerste weke van verwarring het hulle die oorhand begin kry. Teen die end van September is Lucknow, waar sir Henry Lawrence in die tussentyd geval het, deur sir Henry Havelock en sir James Outram ontset, en gelyktydig hiermee is Delhi verower. Die opstand was gebreek, en sir Colin Campbell, wat as opperbevelvoerder met groot versterkings na Indië gestuur is, kon sonder veel moeite die brand totaal blus. Dat die Engelse, na die gepleegde wreedhede, nie sagmoedig opgetree het nie en baie rebelle doodgeskiet het, is begryplik.

Die opstand het 'n baie belangrike resultaat gehad. In 1784 het Pitt deur sy „India Bill'' die magte van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie reeds baie beperk. Die goewerneur-generaal sou b.v. in die vervolg deur die Britse kroon benoem word, en die politieke en militêre beheer van Indië is aan 'n „Board of Control,'' wat 'n regeringsliggaam was, toevertrou. Die direkteurs van die Kompanjie, die sogenaamde „Court of Directors,'' het egter nog belangrike administratiewe bevoegdhede behou, en die administratiewe beamptes in Indië is met enkele uitsonderings deur hulle aangestel en was aan hulle verantwoording skuldig. In 1858 is hierdie lastige dubbele regeringstelsel afgeskaf. Die Britse parlement het die Oosindiese Kompanjie opgehef, en Indië is direk onder die Kroon gebring. 'n Spesiale minister vir Indië („the Secretary of State for



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

India'') is aangestel, en 'n Raad van goedingeligte adviseurs is hom bygegee, maar nes enige ander minister moet hy hom vir al sy doen en late by die parlement verantwoord.

## § 3. Kanada.

Om die politiek van die Britse liberalisme teenoor Kanada te begryp, moet ons eers 'n oorsig van die ontwikkeling van hierdie groot Kolonie na sy verowering in die Sewejarige Oorlog kry.

In 1763, toe die oordrag van Kanada aan Engeland by die Vrede van Parys formeel bekragtig is, het die gevestigde blanke bevolking van die verowerde gebied feitlik net uit 65,000 Franse koloniste bestaan. Engelsprekende koloniste het nou ook begin intrek; maar die Franse sou lank, wat getalsterkte betref, oorheersend bly, en vir 'n hele aantal jare was hulle taamlik tevrede en rustig. Hulle het wel nie die reg gekry om hulself te regeer nie; die Engelse goewerneur in Quebec het oor sy beamptes volle beheer gehad; maar vir die Frans-Kanadese was dit niks nuuts nie, want onder Frankryk het hulle ook nooit enige sweem van selfbestuur geniet nie. Al wat hulle gevra het, was dat hulle ou gewoontes en voorregte onaangetas gelaat moes word, en dit het ook grotendeels gebeur. Veral in 1774, toe die moeilikhede met die Engels-Amerikaanse kolonies aan die broei was, het die Britse regering met die Quebec-wet uit sy pad gegaan om die Frans-Kanadese tegemoet te kom. Die regte en voorregte van die Rooms-Katolieke Kerk in Kanada is erken, asook die regsgeldigheid van die ou Franse wette. Die Franse was dus gerusgestel wat betref hulle godsdiens en hulle grondbesit, en meer het hulle nie verlang nie. Die opstandige Amerikaners suid van die St. Lawrencerivier het dan ook tevergeefs probeer om onluste noord daarvan aan te stook; maar die Amerikaanse Vryheidsoorlog het tog op 'n ander manier Kanada uit sy dooierige vreedsaamheid opgewek. Die ,,United Empire Loyalists,'' d.w.s. die Engelsgesinde seksie in die dertien kolonies, het in duisende die nuwe republikeinse wêreld, waar hulle nie meer tuis en welkom was nie, verlaat en na Nova Scotia, New Brunswick en Kanada oorgestroom. So kry Kanada nou ook 'n aansienlike getal Engelse koloniste, sommige waarvan onder die Franse in die ou gevestigde gebied veral as handelaars gaan woon het, en ander weer verder langs die mere opgetrek en die suiwer Britse kolonie, Bo-Kanada of Ontario, daar begin het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hierdie nuwelinge het gou begin agiteer: (1) teen die voortbestaan van die Franse voorregte en wette wat hulle in hulle handelstransaksies, b.v. by grondkoop, hinder en ook andersins in die krop steek; en (2) *vir* die invoering van 'n demokratiese regeringstelsel, soos dié waaraan hulle suid van die St Lawrence as Britse onderdane gewend gewees het. Dit was vir hulle 'n baie bitter pil dat *hulle,* wat getrou gebly het aan Engeland, nou sonder hulle ou regte was, terwyl die juigende „rebelle'' daar in die suide volkome selfregerend geword het, en ander Engelssprekende immigrante wat weldra uit Groot-Brittanje begin opdaag het, was dit natuurlik heeltemal eens met hulle. Die Britse regering kon onder die omstandighede nie stilsit nie, en die Kanada-Wet („Constitutional Act'') van 1791 was sy eerste poging om die toenemende ontevredenheid onder die Kanadese uit die weg te ruim.

Om klag nommer een van die Britse koloniste te verhelp, en tog geen onreg aan die Franse te doen nie, is die kolonie deur hierdie wet in twee aparte provinsies, Bo- en Onder-Kanada verdeel, en Bo-Kanada sou as 'n suiwer Britse gebied behandel word. Aan albei provinsies is verder 'n groot mate van selfregering gegee. In elkeen is twee wetgewende kamers ingestel, 'n wetgewende raad, bestaande uit lede deur die Kroon benoem, en 'n wetgewende vergadering wat deur die koloniste gekies sou word. Die Britse regering het hierdie stap gewaag, omdat die Engelssprekende Kanadese sonder 'n mate van selfbestuur nooit tevrede sou gewees het nie en aansluiting by die Verenigde State sou gesoek het, en ook omdat die Britse belange nog altyd goed verskans gebly het. Selfs in Onder-Kanada was wetgewing wat teen die wil van die Britse regeerders sou indruis, feitlik uitgesluit. Die Franse sou dit in die laer huis kon deursit, maar die genomineerde hoër huis was daar om gevaarlike voorstelle af te stem, en die goewerneur het natuurlik ook nog in die laaste instansie die veto-reg gehad. Buitendien het die uitvoerende mag nog in sy geheel in die hande van die goewerneur gebly. Daar was geen verantwoordelike ministers nie; die hoofde van die regeringsdepartemente het onder sy instruksies die hele administrasie gereël. Ons het hier m.a.w. 'n beperkte mate van *verteenwoordigende,* maar nog geen *verantwoordelike* regering nie.

In hierdie stelsel was botsing tussen die goewerneur wat in Quebec gewoon het (of sy luitenant in Bo-Kanada) en die wetgewing egter nie uitgesluit nie, en aangesien dit veronderstel was dat die jaarlikse begrotings in die twee provinsies deur die prowinsiale parlemente moes bekragtig word, sou selfs die laer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

huise alleen in staat wees om die begrotingsvoorstelle af te stem en die goewerneur (of luitenant-goewerneur) voor 'n baie moeilike posiesie te stel; maar na so 'n gevaarlike, tweesnydende swaard sou die verteenwoordigende liggame nie maklik gryp nie, en 'n sterk goewerneur kon desnoods ook geen ag daarop slaan nie en voortgaan om die geld wat hy nodig het, in te vorder en uit te gee.

Vir 'n tyd het die sisteem nie sleg gewerk nie, maar daar was moeilikhede aan die broei. In albei provinsies het 'n beampte-kliek opgekom, die sogenaamde „Family Compact," en deur hulle verwaandheid en selfsugtigheid het hulle die koloniste in die algemeen teen hulle in die harnas geja. Veral oor die uitgifte van kroongronde, wat voorlopig 'n prerogatief van die Kroon gebly en feitlik by die administrasie berus het, was groot ontevredenheid. Dit was b.v. heeltemal duidelik dat die Anglikaanse Kerk daarby 'n bevoorregte posiesie teenoor al die ander Kerkgenootskappe gekry het. In albei provinsies was daar dus verset teen die „Family Compact" en die regeringstelsel as sulks, en die geroep om verantwoordelike bestuur het begin opgaan. Dan was daar ook die raskwessie wat in Onder-Kanada langsamerhand baie akuut geword het. Die Engelssprekendes daar wou veranderings hê. Die ou Franse feodale grondstelsel, waarvolgens die *seigneurs,* die ou landelike aristokrasie, hulle groot en taamlik onbewerkte plase nie maklik kon opsny en verkoop nie, wou die Engelse handelaars en spekulant-boere verander; ook die ou wette was nie na hulle sin nie; en hulle was veral gretig om belastings in te voer, sodat die regering oor meer geld kon beskik om die waterweë te verbeter en sodoende handel en verkeer te bevorder. Hulle was progressief en ongelukkig ook taamlik brutaal teenoor die Franse, op wie se instellings, tradiesies en taal hulle in die algemeen met veragting neergesien het. Onder die Frans-Kanadese het groot verbittering gekom. Hulle wou dié haastige veranderings en veral die nuwe belastings nie hê nie, en hulle was op hulle beurt trots en liggeraak. Die seigneurs wou soos voorheen rustig op hul plase woon en vir hulle pagters sorg, en die priesters was dit met hulle eens dat al die nuwighede gevaarlik was. Die Franse het hulle dus versit, en aangesien hulle 'n groot meerderheid in die wetgewende vergadering had, kon hulle die Engelse voorstelle dwarsboom. En nou vind ons hierdie eienaardige verskynsel in Onder-Kanada: Die Engelssprekende koloniste wat in baie opsigte radikaal progressief was, staan aan die kant van 'n outokratiese administrasie, omdat dit Brits is, en beveg demokratiese konstitusionele beginsels, omdat hulle besondere belange



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

daaronder in gevaar kom. Die konserwatiewe Franse daarenteen ywer vir verantwoordelike bestuur, omdat dit hulle nog beter in staat sal stel om hulle ou regte en voorregte, hulle taal, godsdiens en tradiesies, te handhaaf en om die ou orde teen die nuwe te verdedig. En uit hierdie botsing ontwikkel die rassestryd tot so 'n toppunt, dat dit die hele politieke, ekonomiese en maatskaplike lewe beheers.

Die Franse of sogenaamde liberale party in Onder-Kanada het, wat lewensbeskouing en praktiese politiek betref, min gemeens gehad met die Bo-Kanadese liberale. Hulle wou ook verantwoordelike bestuur hê, maar alleen om des te beter die konserwatisme en die selfsugtigheid van die „Family Compact'' te beveg, en op één baie belangrike terrein het hulle met hulle sogenaamde partygenote in Quebec selfs in konflick getree. Dit was ook hulle dringende begeerte om die verkeer deur Onder-Kanada heen na hulle provinsie verbeter en vergemaklik te kry; en die hele Bo-Kanada het saamgestaan in sy aanspraak op 'n deel van die invoerregte wat in Onder-Kanada moes betaal word. Hierdie aanspraak was natuurlik billik, want dat Onder-Kanada sy gunstige ligging aan die onderloop van die St. Lawrencerivier ten koste van die Bo-Kanadese handel eksploiteer, kon nie toegelaat word nie, en 'n ooreenkoms, waarvolgens Bo-Kanada in die algemene invoerregte gedeel het, is dan ook getref, maar die binnelanders was nie oortuig dat hulle alles gekry het waarop hul reg had nie. Nieteenstaande hierdie natuurlike wrywingspunt het egter die groot konstitusionele vraagstuk van verantwoordelike bestuur die liberale partye in die twee provinsies, hoe verskillend in samestelling en gees hulle ook was, bymekaar gebring, en toe dit eindelik tot openlike verset teen die regering kom, het hulle gelyktydig na die wapens gegryp.

Die opstand het in 1837 uitgebreek. In Onder-Kanada was die onmiddellike aanleidende oorsake: die herhaalde weiering van die Franse meerderheid in die wetgewende vergadering onder hulle leier, Papineau, om die begrotings deur te laat; die heftige propaganda ten gunste van verantwoordelike bestuur en selfs van afskeiding; die smokkelhandel wat die Franse georganiseer het om te verhinder dat die regering geld uit die invoerregte in hande kry; die militêre voorbereidings (gereelde oefenings, ens.) wat hulle openlik begin tref het; die vryspreking van alle opstokers deur die Franse juries; — en dan die teenmaatreëls van die regering en sy ondersteuners: die uitgee en invordering van staatsgeld sonder parlementêre outorisasie;



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die brutale houding van die beamptes en hulle vriende; die uitgesproke dreigement van die goewerneur, Gosford, dat hy die konstitusie wil suspendeer en die land onder krygswet stel; en eindelik die uitvaardiging van lasbriewe vir die arres van Papineau en ander liberale leiers.

In Bo-Kanada was die onverstandige beleid van die luitenant-goewerneur, Head, grotendeels verantwoordelik vir die opstand. Hy het hom met die „Family Compact'' en hulle konserwatiewe politieke ondersteuners in die parlement vereenselwig en by die eleksie van 1834 die invloed van die regering gebruik om vir die „Tories'' 'n meerderheid in die wetgewende vergadering te besorg. Besonder brandend was die vraagstuk van die sogenaamde „Clergy Reserves,'' wat hierop neergekom het dat die liberale party 'n end wou maak aan die bevoorregting van die Anglikaanse Kerk by die uitgee van kroongrond. Die liberale leier was Mackenzie, en Head het die smeulende ontevredenheid tot rebellie laat oorslaan, toe hy 'n poging aangewend het om Mackenzie te arresteer.

In albei provinsies is die opstand maklik neergeslaan, maar dit het die voordelige uitwerking gehad dat die Britse regering eindelik besluit het om baie noukeurig op die Kanadese probleem in te gaan. Die gebeurtenisse in Kanada het tot die val van lord Glenelg, die liberale minister van kolonies, gelei. Hy het wel eers in Februarie 1839 van die Britse eerste minister, lord Melbourne, berig gekry dat hy nie langer die koloniale aangeleenthede aan sy sorg kon toevertrou nie, maar nog vóór hierdie stap, wat natuurlik dadelik tot Glenelg se bedanking gelei het, het die uitstaande liberale leiers in die kabinet hulle baie oor Kanada bekommer, en na 'n kort eksperiment met lord Normandy is die beste man onder hulle, lord John Russell, in September 1839 uitgekies om minister van kolonies te word.

Die Britse liberale pak nou die groot probleem: Wat moet gedaan word, wanneer 'n kolonie wat tot selfregering in staat is en volgens alle liberale beginsels dit dan ook moet geniet, volledige selfbestuur eis? Die algemene liberale opienie in Engeland was ten gunste van koloniale selfbestuur, maar daarby was ook die oortuiging dat dit onvermydelik gou tot algehele afskeiding sou lei. Baie liberale het hulle egter selfs oor so 'n waarskynlikheid glad nie opgewonde gemaak nie. Die uitloop van die Amerikaanse vryheidsoorlog het tog bewys, so het hulle geredeneer, dat kolonies soos ryp appels uiteindelik van die boom moet val. Waarom dan treur oor wat onafwendbaar is? Maar ook — Waarom moeite doen om die Britse



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ryk uit te brei? Dit was so die heersende opvatting gedurende die hele liberale tydperk, en ons sal nog sien dat die groot uitbreiding van Britse koloniale gebied, wat tog in hierdie jare plaasgevind het, nie die gevolg van 'n aktiewe imperialistiese regeringsbeleid was nie; maar ons moet ons nou by Kanada bepaal en by die man wat in 1838 deur die Britse regering daarheen gestuur is.

Lord Durham kom in Mei 1838 as spesiale kommissaris in Quebec aan. Groot verantwoordelikhede is op sy skouers gelê, want die Kanadese konstitusie is vir 'n tyd gesuspendeer, en hy moes as gevolmagtigde bewindvoerder ageer, maar daarby ook, na deeglike ondersoek, die Britse regering inlig en adviseer omtrent die gedragslyn wat ten opstigte van Kanada moes ingeslaan word. Durham het slegs vyf maande in Kanada gebly, want as gevolg van een van sy eerste stappe het hy met die Britse kabinet oorhoop geraak en bedank. Hy het nl. 'n algemene amnestie geproklameer, maar ag van die rebel-leiers, daaronder Papineau, het hy daarvan uitgesluit en sonder verhoor verban, terwyl vyftien ander gevlugtes eenvoudig voëlvry verklaar is. Hierdie despotieke optree het in die Engelse parlement soveel opspraak verwek en is deur Glenelg, as mondstuk van die regering, op so 'n flou en dubbelsinnige manier verdedig, dat Durham geen ander uitweg gesien het as om sy mandaat neer te lê nie. Nieteenstaande die kort tyd wat hy in Kanada deurgebring het, het hy tog in 1839 'n rapport uitgebring, so omvangryk en deeglik van inhoud en so ingrypend van strekking, dat dit met reg beskou word as een van die belangrikste dokumente in die Britse imperiale geskiedenis.

Durham lê baie klem, miskien te veel klem, op die rassestryd in Onder-Kanada en die eienaardige konstitusionele uitvloeisel daarvan, waarop ons reeds gewys het. Hy verloor egter nie uit die oog nie dat 'n regeringstelsel, waarin die uitvoerende mag nie aan die wetgewende en beurshoudende mag verantwoordelik is nie, op die duur nie kan werk nie; en hy het die moed gehad om hom ten gunste van ministeriële verantwoordelikheid in 'n selfregerende kolonie uit te spreek. Hy stel dit voor, nie alleen omdat sy liberale beginsels hom daartoe dwing nie, maar ook omdat hy insien dat Kanada sonder selfbestuur van Engeland sal afskei. Hy erken openlik dat die nabyheid van die onafhanklike, Engelssprekende Verenigde State Brittanje se hand hier forseer. Hy staan dus op 'n ander standpunt as die meeste van sy liberale partygenote. Nie om die weg tot afskeiding wyer oop te maak nie, maar om die noodsaaklikheid vir afskeiding uit te skakel, tree hy vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Kanadese selfbestuur in; en hier het ons die belangrikste grondgedagte van Durham se rapport, 'n gedagte wat dit tot 'n mylpaal in die Britse konstitusionele geskiedenis maak. Hy was 'n liberaal, maar hy het nie aan die ryp-appel-teorie geglo nie. Hy was een van die eerste Engelse wat ingesien het dat koloniale selfbestuur geen gevaar nie, maar 'n noodsaaklike voorvereiste vir die voortbestaan van die Britse ryk sou wees.

Durham was dus 'n imperialis. In sy verdere voorstelle is dit duidelik sigbaar. As liberaal eis hy selfbestuur vir Kanada, en hy lê ook groot klem op die noodsaaklikheid om plaaslike selfbestuur (munisipaliteite ens.) in die stede en distrikte van die kolonie uit te brei; maar as imperialis wil hy tot die mag van die Kanadese parlement en sy verantwoordelike regering nie van so 'n aard maak, dat die belange van Groot-Brittanje en die Britse konneksie beskadig kon word nie. Hy wil dus die volgende sake buite die seggingskap van die Kanadese parlement en regering hou: die Kanadese grondwet; buitelandse aangeleenthede, insluitende handel met die buiteland; en die Kroongronde. Dat hy die Kroongronde uithou, is maklik verklaarbaar. Die imperiale regering moes daaroor beskik om altyd die versekering te hê dat die uitgestrekte oop gebiede na die noorde en weste toe deur Britse immigrante gevul sou word. Britse immigrasie was dan ook 'n baie belangrike punt in Durham se program, want daarin was vir hom die groot waarborg dat Kanada, hoe groter en sterker dit word, des te meer Brits sou wees. Aan die voortbestaan van die Franse as 'n aparte nasionaliteit met hulle eie taal en tradiesies het hy nie geglo nie. Hy het die stellige hoop gekoester dat hulle in die oorheersend Britse bevolking van die toekoms sou opgaan; en om hierdie denasionaliserende proses te verhaas en te verseker, asook om die hele Kanada ekonomies te bevorder, stel hy nog voor dat die twee provinsies verenig en deur 'n spoorweg en verbeterde waterweë innig aan mekaar verbind moet word.

Durham se voorstel om die twee Kanadas te verenig, het dadelik die goedkeuring van die Britse regering weggedra, en in 1840 is 'n wet gepasseer om uitvoering daaraan te gee; maar vir die gevare van verantwoordelike bestuur het selfs lord John Russell teruggedeins, en die eerste goewerneur van die verenigde Kanada, lord Sydenham, het die regeringsverantwoordelikheid nie uit sy hand gegee nie. Vir 'n aantal jare het ons nou 'n soort van tussenstelsel in Kanada. Russell wou hê dat die Kanadese goewerneur hom moes laat lei deur die advies van manne wat die vertroue van die meerderheid in die Kanadese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

parlement besit; maar alles doen, wat hulle voorstel? Nee, dit tog ook nie! Daar was dus parlementêre ministers, maar hulle het nie altyd die meerderheid in die wetgewende vergadering agter hulle gehad nie, en die goewerneur het hom nie geroepe gevoel om altyd volgens hulle advies te handel nie. Dis waarlik eienaardig, hierdie skrikkerigheid van Russell, veral as ons bedink dat die Kanadese hoër huis, die wetgewende raad, uit genomineerde lede bestaan het. Alleen die wetgewende vergadering is deur die volk gekies.

Van 1841 tot 1846 was die konserwatiewe onder Peel aan die bewind in Engeland, en koloniale verantwoordelike bestuur het nie gevorder nie. Intussen het botsings tussen die uitvoerende mag en die wetgewende mag in Kanada weer begin plaasvind. Sydenham het dit nog reggekry om hulle te vermy, maar een van sy opvolgers, Metcalfe, het in 1844 sy eie wil teenoor die eise van 'n Frans-Engelse ministerie deurgesit, en toe lord John Russell in 1846 as eerste minister die bewind van Peel oorneem, was die politieke atmosfeer in Kanada taamlik troebel. Die Frans-Engelse liberale party onder Lafontaine en Baldwin het wel in die tussentyd 'n eleksie verloor, en Metcalfe het met sy vriende, die leiers van die konserwatiewe parlementêre meerderheid, goed oorweg gekom, maar wat sou gebeur as 'n nuwe eleksie weer aan Lafontaine en Baldwin 'n meerderheid in die wetgewende vergadering verskaf? Toegeskiktheid van die kant van Metcalfe was nie te verwag nie. Sy opvatting van sy posiesie was lynreg in stryd met die grondbeginsel van selfbestuur, nl. ministeriële verantwoordelikheid. Hy het ronduit gesê: „If you mean that the Governor is to have no exercise of his own judgment in the administration of the Government, and is to be a mere tool in the hands of the Council, then I totally disagree with you. That is a condition to which I never can submit, and which Her Majesty's Government, in my opinion, can never sanction. If you mean that the Governor is an irresponsible officer who can, without responsibility, adopt the advice of the Council, then you are, I conceive, entirely in error. The undisputed functions of the Governor are such that he is not only one of the hardest-worked servants of the colony, but also has more responsiblities than any other officer in it. He is responsible to the Crown and Parliament and the people of the mother-country for every act that he performs, or suffers to be done, whether it originates with himself or is adopted on the advice of others.... and he is also responsible to the people of this colony."

Gelukkig het Metcalfe in 1846 bedank, en lord Grey, die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

minister van kolonies in die Russell-ministerie, kon 'n man in sy plek stuur wat onder goedvinding van die Britse regering die konstitusionele knoop in Kanada deurgekap het. Dit was lord Elgin wat in Januarie 1847 goewerneur van Kanada geword het. Hy was die skoonseun van lord Durham, het die konstitusionele beginsels van sy oorlede skoonvader hartlik ondersteun, en wou sy nagedagtenis eer deur hulle uitvoerbaarheid te bewys. Hoe hy sy poesiesie as goewerneur opgevat het, blyk uit die volgende sinsnedes van 'n brief wat hy aan Grey gerig het: „I give to my ministers all constitutional support, frankly and without reserve, and the benefit of the best advice that I can afford them in their difficulties. In return for this, I expect that they will, in so far as it is possible for them to do so, carry out my views for the maintenance of the connection with Great Britain and the advancement of the interests of the province. On this tacit understanding we have acted together harmoniously up to this time, although I have never concealed from them that I intended to do nothing which may prevent me from working cordially with their opponents, if they are forced upon me. That ministries and oppositions should occasionally change places, is of the very essence of our constitutional system.... and it is indispensable that the head of the Government should show he has confidence in the loyalty of all the influential parties with which he has to deal, and that he should have no personal antipathies to prevent him from acting with leading men. I feel very strongly that a Governor-General, by acting upon these views with tact and firmness, may hope to establish a moral influence in the province which will go far to compensate for the loss of power (surrendered) to an executive responsible to the local Parliament.''

Sonder stryd sou die finale en uitdruklike deurvoering van die beginsel van verantwoordelike bestuur in Kanada egter nie plaasvind nie. Ja, dit was juis 'n brandende politieke kwessie wat die hele beginsels duidelik op die voorgrond gestel het en afdoende bewys het dat Kanada werklik selfregerend geword het.

Die ultra-lojale ondersteuners van die konserwatiewe party in Kanada het van vroeg af hulle suspiesies omtrent Elgin gehad. Dat hy, toe 'n eleksie (teen die end van 1847) hulle ministers uit die kussings gelig het, ook met 'n Lafontaine-Baldwin-ministerie op 'n vriendskaplike voet kon verkeer, was al 'n bietjie sorgwekkend. Erger was sy uitgesproke veroordeling van sy skoonvader se plan om die Frans-Kanadese te denasionaliseer. Aan die Engelse regering het hy geskrywe: „I for



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

one am deeply convinced of the impolicy of all such attempts to denationalize the French. Generally speaking, they produce the opposite effect, causing the flame of national prejudice and animosity to burn more fiercely. But suppose them to be successful, what would be the result? You may perhaps Americanize, but, depend upon it, by methods of this description you will never *Anglicize* the French inhabitants of the province. Let them feel, on the other hand, that their religion, their habits, their prepossessions, their prejudices, if you will, are more considered and respected here than in other portions of this vast continent, who will venture to say that the last hand which waves the British flag on American ground may not be that of a French-Canadian.''

Tot so 'n hoogtepunt van liberale grootmoedigheid en optimisme kon die ultra-lojaliste nie styg nie; en baie van hulle was taamlik ontsteld, toe 'n wet om Frans as twede offisiële taal te erken, op die sterk aanbeveling van Elgin nie deur die Britse regering afgekeur is nie. Die klimaks het egter eers in 1849 met die ,,Rebellion Losses Bill'' gekom. Die mense van Bo-Kanada wat onder die rebellie van 1837 gely het, was reeds lank te vore ontskadig, en die vorige regering was van plan gewees om ontskadiging vir verliese in die 1837-opstand ook in Onder-Kanada toe te pas, maar alleen in die geval van mense wat hulle lojaliteit destyds bewys het. Nou kom die Lafontaine-Baldwin-regering met 'n ontskadigingswetsontwerp, wat alleen *veroordeelde* rebelle of dié wat skuldig gepleit het, uitsluit, en aangesien Durham se amnestie die regterlike vervolging van die opstandelinge eenvoudig geskors het en baie van hulle toe selfs nog nie gearresteer was nie, was dit heeltemal moontlik dat gewese rebelle onder die voorgestelde wet skadevergoeding kon kry. Dit het waarskynlik reeds in Bo-Kanada gebeur, maar die lojale gemoedere was al warm; nou het hulle gekook. 'n Belangrike Engelse koerant in Montreal het b.v. 'n artiekel bevat waarin die volgende voorkom: ,,When French tyranny becomes insupportable we shall find our Cromwell. Sheffield, in the olden times, used to be famous for its keen and well-trained whittles; well, they make bayonets there now, just as sharp and just as well-tempered. When we can stand tyranny no longer, it will be seen whether good bayonets in Saxon hands will not be more than a match for a mace and a majority.''

Die wetsontwerp is nieteenstaande heftige opposiesie binne en buite die wetgewende kamers deur hulle goedgekeur, en nou was die kriesis daar! Sou Elgin ingryp en die konstitusioneel-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011